AANBIDDING IN GEES EN WAARHEID

"*God is Gees; en die wat Hom aanbid,*

*moet **in gees en waarheid** aanbid.*" (Joh. 4:24)

deur S Le Cornu*

Inhoud

1. Mengelmoes aanbidding... 3

2. Gereformeerde aanbidding... 9

3. Johannes 4: Aanbidding in gees en waarheid... 15

3.1 Ons Godsbeskouing bepaal ons aanbidding (v.24a) ... 16

3.2 Aanbidding is noodsaaklik, en dus nie 'n middelmatige saak nie (v.24b) ... 17

3.3 Vereistes vir ware aanbidding: in gees en waarheid (v.23b en 24b) ... 19

3.4 Ons moet valse aanbidding uitken en verwerp (v.22) ... 21

3.5 God die Vader soek ware aanbidders, ook vandag (v.23c) ... 24

OU TESTAMENT OPENBARING AANGAANDE AANBIDDING

a. Aanbidding as skeppingsordening (Genesis 2) ... 25

b. 'n Onaanvaarbare offer (Genesis 4) ... 27

c. Die Tweede Gebod (Exodus 20) ... 28

d. Vreemde vuur (Levitikus 10) ... 30

e. Verwerping van valse aanbidding (Deuteronomium 12) ... 31

f. Die ark (2 Samuel 6) ... 32

g. Eiewillige pragmatiese godsdiens (1 Samuel 13) ... 33

h. Eie feesdae (1 Konings 12) ... 36

i. Afvalligheid van 'n koning (2 Kronieke 26) ... 37

j. Mensgesentreerde aanbidding (Jeremia 7 en 19) ... 38

NUWE TESTAMENT OPENBARING AANGAANDE AANBIDDING

3.6 Christus bevestig en handhaaf ware aanbidding (Joh. 4: 21 en 23) ... 40

a. Jesus en aanbidding (Mattheus 15) ... 42

b. Die Groot Opdrag en aanbidding (Mattheus 28) ... 42

c. Eiewillige godsdiens (Kolossense 2) ... 44

d. Die leer, (ere)diens en regering van die kerk (die Pastorale Briewe) ... 45

e. 'n Kort uiteensetting van die NT erediens ... 46

f) Skema wat die elemente van 'n NT erediens uiteensit ... 48

3.7 Ons word verlos om te aanbid (v.25 en 26) ... 51

4. Slotwoorde... 55

God is Gees; en *vir* die wat Hom aanbid, *is dit noodsaaklik* om in gees en waarheid te aanbid.[1] - Jesus Christus (Joh.4:24)

Lees: Joh.4:1-26 (spesifiek vv.19-26)

1. Mengelmoes aanbidding

"Solank ons nog almal glo in Jesus se Godheid, moet ons ons nie te veel bekommer oor aanbiddingsverskille nie," is baie kerkmense se versugting vandag.

In 'n onlangse dagkoerant word dit soos volg uitgedruk:

> Die gemeente waarin ek leef, is 'n mengelmoes. Daar is mense van Nederlands-Hervormde oorsprong en daar is Gereformeerdes. Daar is Anabaptiste en Rooms-Katolieke, selfs een wat van geboorte Joods is. Almal aanbid en sing saam.[2]

Die mengelmoesteologie agter so uitspraak is gewoonlik: die verlossingsvraagstuk – hoe ek gered word? - is noodsaaklik en daaroor mag geen onenigheid wees nie, maar wat die erediens en aanbidding betref – hoe moet ek die Here aanbid? - daaroor kan ons maar wyd verskil, en moet ons verdraagsaam wees. Daar is – so word beweer - belangriker sake wat nou ons aandag nodig het. Konkreet kom dit daarop neer, om maar 'n paar hedendaagse voorbeelde te noem: die een gemeente kan maar die kelkies gebruik, en die ander die beker; die een kan net psalms sing, die ander gesange ook; die een kan die feesdae vier, die ander hoef dit nie te doen nie; die een kan die vrou in die amp hê, die ander een hoef nie, ens. ens. ... solank –en dit is die enigste voorwaarde- ons almal maar net saam 'glo' ...

Behalwe bogenoemde stelling en gesindheid, word daar ook verder gesê (wat al beter klink en dalk nader aan ons as gereformeerdes is): ja, aanbidding is opsigself belangrik, niemand mag dit ontken nie. Maar dit is die 'dat' ons aanbid wat belangrik is, nie die 'hoe', 'wyse' of 'manier' van aanbidding wat belangrik is nie ... laasgenoemde hang af van die mens se behoeftes, kultuur en tradisies, waar 'ek' tuisvoel. Sommiges sal sê elkeen se 'aanbiddingsbehoeftes' bepaal daarom hul 'hoe' van aanbidding. So bv. sal dit goed wees as

---

[1] Eie vertaling vanuit die Griekse teks (Die onpersoonlike werkwoord *dei* (δεῖ) kan vertaal word as 'n 'moet' of 'dit is noodsaaklik'. Laasgenoemde versterk die betekenis van "Beslis, volstrek nodig; onmisbaar; (iets) wat nie vermy kan word nie" (HAT)).

[2] *Die Beeld*, Godsdiens-aktueel artikel van 21 Junie 2004.

'westerse kerke' die Psalms sing, maar vir die 'afrika kerke' is gesange goed en kan hul dit mos 'lekker' sing. So aanbid elkeen die Here op sy eie manier, solank ons net almal die regte Here aanbid ... word geredeneer.

Kortom: beteken al die voorafgaande sienings dat die eerste gebod is 'n beginselsaak, die tweede gebod 'n middelmatige saak.

Die gevolg hiervan is dat ons soveel verskillende "teologieë van aanbidding" kry as wat daar kerke is. Sodoende lei, myns insiens, nie net die *waarheid* nie, maar ook die *eenheid* van die 'heilige, algemene Christelike kerk" daaronder, wêreldwyd.

Prof. Barry Gritters verdeel moderne afvallige aanbiddings-benaderings in drie groepe:[3]
- charismatiese aanbidding, wat emosioneel en 'signs and wonders' gedrewe is;
- 'seeker-service' aanbidding, waarin die 'behoeftes' van die verskillende groepe mense sentraal staan (dit lei gewoonlik tot 'kinder' en 'jeug' kerke), wat gewoonlik in 'evangeliese kerke' te vinde is; en
- 'High Church' aanbidding, waar daar groot klem geplaas word op allerlei seremoniële en simboliese aspekte in die erediens. Dit is die lyn van die Rooms Katolieke en Anglikaanse Kerk, wat ook baie vinnig veld wen onder kerke van gereformeerde agtergrond.

Ter agtergrond hiervan moet verstaan word dat veral in die 20ste eeu, miljoene mense se siening en ervaring van aanbidding radikaal begin verander het, deur die geskiedenis en invloed van die sogenaamde Liturgiese Beweging (LB). Die LB word beskryf as "part of the reawakening of the Church" in die twintigste eeu, aangesien die kerk en Christelike waardes 'n groot terugslag gekry het deur verskillende moderne filosofieë vanaf die 17de eeu, die gevolg van twee wêreldoorloë en allerlei verskillende konflikte wêreldwyd.[4] Die LB het ander tekste, style, konsepte en selfs geboue na vore gebring, as alternatief vir tradisionele vorme van aanbidding. Sodoende is ook die manier waaroor gedink is oor aanbidding verander. Die LB is veral ook bevorder en gedra deur die Ekumeniese beweging en die Charismatiese beweging, wat daarin geslaag het om kerkgrense af te breek, of vloeibaar te maak. Dit is daarom die afgelope twee dekades in SA nie meer 'n vreemde verskynsel om te sien hoe mense van verskillende geloofstradisies oor en weer nie 'n probleem het met mekaar se maniere van

[3] D.J. Engelsma, B. Gritters & C. Terpstra, *Reformed Worship* (Grandville, MI: RFPA, 2004), p.28
[4] J. Fenwick & B. Spinks, *Worship in Transition. The Liturgical Movement in the Twentieth Century* (1995), vii.

aanbidding nie. "Church hopping and swopping" is 'n algemene stokperdjie en tydverdryf, ook onder Afrikaners vandag.

In die *Christian Renewal* tydskrif van Kanada (vol.22 #9) van 26 Januarie 2004 berig JD Tangelder onder die opskrif "The Changing face of worship in changing times", van hoe die gesig van aanbidding radikaal verander het in die 20ste eeu. Hy verwys na twee 'mega' kerke in die VSA, nl. 'Willow Creek Community Church' en die 'independent, postmodern, evangelical Mars Hill Bible Church' wat se dienste bestaan uit "services as programmed with cutting-edge music, drama ... 50 vocalists, a 75-peace choir, seven rhythms bands, a 65-piece orchestra, 41 actors, a video production department, and an arts center with 200 students that serves as a farm club for future talent ...". Verder word die prediking beskryf as 'funny, imaginative, informative' waar lede sê "they like being able to walk into church with a cup of coffee, spiked hair and jeans." In die VSA is daar ook 'n "In-Car Worship Center" oopgemaak, waar jy sommer in jou kar kan bly sit en 'aanbid' (*Christian Renewal*, April 26, 2004).

Hierdie vorme van aanbidding, volgens Tangelder, het nie net 'n invloed op charismatiese en evangeliese kerke nie, maar ook die *Christian Reformed Church* in die VSA, en ander gereformeerde kerke.

Kerke van 'n protestants gereformeerde agtergrond gaan gelukkig (nog nie?) sover as die charismatiese kerke wêreldwyd nie, maar daar is 'n duidelike wegbeweeg van 'n die Woord-*alleen gesentreerde* eenvoudige gereformeerde erediens, na 'n progressiewe vorm van 'n Woord-*plus* 'n mensgesentreerde vorm van erediens. 'n Makrogemeente in Lynnwoodrif, Pretoria het bv. onlangs 'n nuwe ouditorium ingewy waar 'beelde op die groot skerm' agter die "leier-predikant" gewys word (die leraar se klere bevat ook sekere liturgiese simboliek). Bo die 'liturgiese ruimte' word die 'geloofsgeskiedenis' uitgebeeld deur 'reuse' groot visuele prente en simbole. Die motief van die ouditorium is "gerig op die bediening van gesinne in 'n wêreld van televisie, selfone en veranderende kommunikasiemetodes". Volgens een van die leraars wil hul die "gereformeerde teologie onbeskaamd terugbring in 'n moderne idioom," waarin die "Woord sentraal in die bediening staan" (*Beeld,* 14 Julie 2004, p.6). As 'n mens die foto bekyk wat saam met die artikel gaan, lyk dit bepaald nie asof die 'Woord' sentraal staan nie, maar die 'Beeld'!

Nader aan die Dopperhuis, is die CRCNA,[5] waarmee die GKSA in korrespondensie staan, besig om ernstig te besin om die woorde van Heidelbergse Kategismus, v&a 80 te verander, wat die Roomse Mis as 'n 'vervloekte afgodery' beskryf.[6] Hierdie kerkverband is tans in gesprek met die Katolieke kerk in die VSA oor moontlike samewerking op verskillende terreine. Een van die professors skryf in hul tydskrif 'Focus' die volgende oor die CRCNA se gesprekke met Rome:

> Where might this next round of discussion lead? To certificates of baptism that officially recognize a common baptism in both traditions? To some movement toward participation in each other's celebration of the Eucharist? Whatever happens, the CRC will have considerably broadened its ecumenical consciousness and taken a significant step forward in her efforts to contribute to the visible unity of Christ's church.

Ja, nie net is Lutherane, Anglikane en baie 'Evangelicals' oor die wêreld besig om nader te skuif aan die verlossingsleer van Rome nie,[7] maar ook wat aanbidding betref, is hierdie groepe – saam met sommige gereformeerde kringe - besig om nader aanmekaar te skuif. En ek wil die stelling maak, dat dit juis die liturgie / die inrigting van die erediens en hoe ons aanbid, die brug is of gaan word waarmee die protestante teruggeneem word na 'moeder Rome'. 'n Film soos 'The Passion of the Christ', probeer ook op 'n subtiele wyse die Roomse Mis oordra deur die roomse vertolking van die lyding en sterwe van Christus.[8] So 'n film is ook niks anders as 'n vorm van aanbidding wat vir ons voorgehou word as legitiem nie ("ons dien God deur beelde ..."), en selfs gereformeerdes is besig om dit goed te probeer praat, en nie as 'n oortreding van die 2de gebod te sien nie (sien HK, Sondag 35). Verder kan daar ook gewys word op die pleitdooie in sekere gereformeerde kringe in Nederland, om onder die dekmantel van "al wat

---

[5] *Christian Reformed Church of North America*.

[6] Die komitee wat daarmee opgesaal is, gaan by hul 2004 sinode 'n voorlegging doen, hoe om die bewoording te verander. Inligting verkry van: '*Forum*' (magazine of *Calvin Theological Seminary*), the Winter 2004 edition.

[7] Sien die artikel elders 'Verbondsuniversalisme'. Ook vandag is die leer van die regverdiging deur die geloof alleen weer in die spervuur. Aan die einde van die 20ste eeu, het daar 'n beweging ontstaan 'Evangelicals and Catholics Together', wat tot die konklusie gekom het dat, volgens hulle, die verskille nie so groot is nie, en daar eintlik veel meer ooreenstemming is waar die kinders van Rome en die Reformasie kan saamwerk. Dr. RL Reymond, wys egter in sy werk "The Reformation's Conflict with Rome: Why it must Continue" (Ross-hire: Mentor, 2001), dat Rome geeneen van sy sentrale leerstukke, insluitend die leer oor die regverdiging verander het nie, en daarom moet ons nogsteeds apologeties en evangelies teenoor hul staan. Soos Luther en Calvyn wil ons nie ontken dat daar gelowiges in die Roomse kerk kan wees nie, maar ons moet die Pousdom en al die menslike tradisies wat daarmee saamgaan verwerp. Om dit suksesvol, tot eer van God en heil van Sy Kerk te doen, sal ons opnuut ons historiese en konfessionele reformatoriese wortels moet herontdek, leer ken en toepas in ons tye, alles deur en volgens Sy Woord en Gees.

[8] 'n Uittreksel uit 'n onderhoud met die hoofakteur van die film: "Caviezel recalled telling Gibson, "I think it's very important that we have mass every day - at least I need that to play this guy." "I felt if I was going to play him I needed [the sacrament] in me. So [Gibson] provided that."

waardig en welluidend is", kore in die eredienste terug te bring (*De Reformatie*, nr.29, 1 Mei 2004).

Al hierdie ontwikkelinge en deformasie in die erediens en aanbidding, is slegs 'n klein blik op die 'mengelmoes' chaos en veranderinge wat plaasvind in die kerke wêreldwyd, veral op die terrein van erediens en aanbidding. In 1 Tim 3:15 lees ons dat Paulus vir Timoteus sê dat hy – op grond van God se Openbaring, gelei deur die Gees van God - "weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid" is. Dus daar waar God spesifiek en veral aanbid moet word moet ons ook vandag 'weet' hoe ons God moet aanbid.

Ons sal dus opnuut moet vra wat is en hoe lyk die gereformeerde erediens? Hoe en wat bepaal ons aanbidding? Ons is natuurlik (en gelukkig nie!) die eerstes wat hierdie vrae gevra het nie, want vir die Kerk deur die eeue, veral die vroeë kerk en die 16de eeuse Reformasie, het die saak van aanbidding sentraal gestaan.[9]

[9] C. Eire, *War against the Idols: The Reformation of Worship from Erasmus to Calvin* (Cambridge: Cambridge University Press, 1986).

2. Gereformeerde aanbidding

Die sestiende eeuse reformasie, was nie net 'n herontdekking van die 'verlossing uit genade, deur die geloof alleen' (Rom.1:16,17; Ef.2:8-10) *sola gratia / sola fide / sola Christi* waarheid nie,[10] maar ook 'n herontdekking en terugkeer na 'n 'sola Scriptura' vorm van aanbidding en erediens.[11] Johannes Calvyn skryf op 'n plek:

> As dan gevra sou word wat die belangrikste dinge is waardeur die Christelike geloof onder ons vasstaan, en sy waarheid behou, sal gevind word dat die volgende twee dele nie alleen die belangrikste plek beklee nie, maar daaronder ook al die ander dele insluit, en daarom die hele inhoud van die Christelike godsdiens is, naamlik, eerstens, 'n kennis van die manier waarop God reg *aanbid* moet word, en, tweedens, die bron waarvandaan *verlossing* verkry word. As ons hierdie **twee dinge** nie reg insien nie, hoewel ons mag roem in die naam Christene, is ons aanspraak leeg en waardeloos.[12]

Die doel van al die sola's, was dat God alleen in alles sentraal sal staan en al die eer ontvang (Rom.11:33-36; *sola Deo gloria*[13]), d.w.s. in die mens se verlossing én die mens se aanbidding van God. Calvyn se woorde is ook die belydenis van elke gereformeerde gelowige en gemeente, soos verwoord in die volgende woorde van die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 7:

> Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat *alles wat die mens vir sy saligheid moet glo* (die tweede punt van Calvyn – SLC), daarin voldoende geleer word. Aangesien *die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word* (die eerste punt van Calvyn), daarin uitvoerig beskrywe word, mag ook niemand, selfs nie die apostels nie, anders leer as wat ons reeds deur die Heilige Skrif geleer word nie—ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê (Gal.1:8). *En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat* (Deut.12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemaal volmaak en in alle opsigte volkome is. ...

---

[10] Genade alleen / Geloof alleen / Christus alleen.
[11] B.M. Schwertley, *Sola Scriptura and the Regulative Principle of Worship* (Southfield: Reformed Witness), p.1.
[12] *Tracts relating to the Reformation by John Calvin*, translated by Henry Beveridge, vol.I (Edinburgh: T&T Clark), p.116.
[13] Aan God alleen die eer.

William Cunningham skryf in sy standaardwerk oor die teologie van die Reformatore,[14] dat daar in antwoord op Rome se valse erediens, twee beginsels aangaande die erediens ontstaan het, onder die Protestantse Reformasie van die 16de eeu. Die een is die Luthers-Anglikaanse beginsel, wat leer "dat die kerk in die regering en erediens nuwighede mag inbring, wat nuttig en bruikbaar is, met die nodige volmag, solank dit net aangewys kan word dat daar nie enigiets in die Skrif is wat dit eksplisiet verbied of ontmoedig nie". Die ander siening was die Calvinistiese siening, wat oortuig was dat "daar in die Skrif genoegsame duidelike aanduidings is, dat dit Christus se sin en wil was, dat niks in die kerk se regering en erediens ingevoer mag word, behalwe as 'n positiewe volmag daarvoor in die Skrif gevind kan word nie."

Deur die geskiedenis is eersgenoemde beginsel dan kortliks soos volg geformuleer "Solank dit nie verbied word nie, is dit toelaatbaar", teenoor die reformatiese stelling: "As dit nie beveel word nie, is dit verbode". Laasgenoemde het dan ook bekend geword as die 'regulerende beginsel' van die erediens/aanbidding (RBE). Prof. John Murray verklaar dit as volg:

> Die aanvaarbare wyse van die aanbidding van God is deur Homself ingestel, en word so deur sy geopenbaarde wil beperk, dat Hy in geen ander manier aanbid mag word as wat in die Heilige Skrif beveel is nie; dit wat nie beveel is nie, is verbode.[15]

Hervormers soos Martin Luther (en Thomas Cranmer, van die Anglikaanse Kerk) het die 'Luthers-Anglikaanse beginsel van aanbidding' gevolg, nl. "solank dit nie verbied word nie, is dit toelaatbaar", en so naby aan Rome gebly aangesien Luther "... van die Roomse erediens alles behou (het) wat hy as *nie in stryd* met die Skrif beskou het nie, soos beelde, kerse, altare, priestergewade, ens."[16]

Teenoor hierdie siening, het die Calvinistiese reformasie van Zwingli, Calvyn en Knox (en die gereformeerde kerke wat hul sou volg) gestaan:

---

[14] *The Reformers and the Theology of the Reformation* (Edinburgh: The Banner of Truth Trust, 1989 [1862]), p.31 ev.
[15] *Collected Writings of John Murray, volume 1: The Claims of Truth* (Edinburgh: Banner of Truth, 1976), p.168.
[16] S. du Toit, *Algemene Kerkgeskiedenis* (Potchefstroom: Pro Rege, 1963), p.76.

> … verder het (Zwingli) die predestinasieleer bely *en in die erediens* van dieselfde standpunt as Calvyn uitgegaan, naamlik dat alles verwyder moes word wat nie *uitdruklik* in die Heilige Skrif v*oorgeskrywe* word nie.[17]

Calvyn skryf daarom aangaande die erediens:

> Ek weet hoe moeilik dit is om die wêreld te oortuig dat God alle maniere om Hom te vereer *wat nie uitdruklik in sy Woord goedgekeur word nie*, afkeur. Die teenoorgestelde oortuiging kleef hulle aan –asof dit in hulle murg en bene vassit – dat wat hulle ookal doen vanself aanvaarbaar is, solank dit maar 'n soort ywer vir die eer van God vertoon. Maar aangesien God dit wat ons doen uit ywer om Hom te vereer, *maar wat verskil van sy bevel*, nie net as waardeloos beskou nie, maar dit eenvoudig verafsku … waarom dit dan doen? Die woorde van God is *duidelik en seker*: 'om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer', en 'tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is (1 Sam.15:22; Matt.15:9). Elke byvoeging tot Sy Woord, is 'n leuen. Blote 'eiesinnige godsdiens' (*ethelothreskeia*) is nietigheid.'[18]

Die RBE word dan ook eksplisiet en implisiet in ons gereformeerde belydenis gevind, o.a. NGB artikel 7; artikel 32; 34, 35 en vraag en antwoord 91 en 96 van die HK.[19] Tydens 'n lesing gehou by die 2001-*International Conference of Reformed Churches* (ICRC), stel ds. GI Williamson dit dat die RBE:

> ... nog nooit êrens helderder uitgedruk is as in die Heidelbergse Kategismus nie: 'Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie, en Hom op geen manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie.' … Ursinus … het dit as volg verduidelik: 'Die doel en die rede vir hierdie gebod is dat die ware God … vereer moet word op die manier … wat Hom behaag, en nie deur 'n erediens volgens die verbeelding en gedagtes van die mens nie … (en) dat die erediens van God soos dit *voorgeskryf* is, suiwer en onvermeng bewaar moet bly.' Of sommer kortweg: 'Om God waarlik te vereer, beteken om Hom te dien op die manier wat Hy self voorgeskryf het ...'[20]

---

[17] *Ibid.*, p.79.
[18] Beveridge, *ibid.*, p.118. Sien ook sy kommentaar op Lev.10:1; 22:32; Num.15:39; Deut.4:1; 12:32; 2 Sam.6:6-12; Is.29:14; Jer.7:21-24; 7:31; 19:4,5; 26:2; Matt.15:1,9; Kol.2:22,23. Sien sy *Institusies*: I.XII.I; I.XII.3; II.VII.5; II.VIII.17; IV.X.1,8-11,16-18,23,24,26.
[19] Sien ook die Skotse Konfessie (1560); Franse Konfessie (1561) en die Westminster Konfessie (1643-48).
[20] Vir die volledige lesing, sien *Die Esra Verslag*, Jaargang 9, nr.49, p.112 ev.

Gijsbert Voetius, 'n afgevaardigde na die Sinode van Dordt (1618/19), beantwoord in sy kommentaar op die Heidelbergse Kategismus aangaande die tweede gebod (Sondag 35), met verwysing na Deut.4:2; 12:32; Matt.15:9; Kol.2:21-23, die vraag hoe die tweede gebod verbreek word, as volg:

> Wanneer men hem door beelden wil eeren ende dienen, ofte wanneer men hem wil dienen op soodanige wijse, die daer directelick tegen Godts woort strijt, ofte die buyten Gods woort is, gefondeert op instellingen van menschen, of op ons eygen goetduncken; gelijck geschiet onder die van't Pausdom door hare ceremonien ende menschlicke traditien.[21]

Dit is daarom vreemd as sommiges nogsteeds dit probeer voorstel dat die regulerende beginsel slegs 'n presbiteriaanse beginsel is,[22] en dus nie ook 'n beginsel is wat uit die kontinentale gereformeerde wêreld gegroei het nie, d.w.s. uit die kerke van die Drie Formuliere van Eenheid nie.[23] Hierdie ongeldige bewering is egter niks nuuts nie. Die bekende Anglikaanse teoloog en skrywer, J.I. Packer, skryf: "The idea that direct biblical warrant, in the form of precept or precedent, is required to sanction every item included in the public worship of God was in fact a Puritan innovation, which crystallised out in the course of the prolonged debates that followed the Elizabethan settlement."[24]

Derek Thomas antwoord die aanklag as volg:

> Om soos Packer te suggereer dat die regulerende beginsel 'n "Puriteinse nuwigheid" van die 'Elizabethan settlement' is, is heeltemal vals. Calvyn het in 'n aanhangsel tot sy Formulier vir die bediening van die Doop vir gebruik in die kerk van Geneva, soos volg geskryf:
>
> Ons weet dat op ander plekke daar baie seremonies is wat baie oud is, maar omdat hul uit eie plesier uitgedink is ... is dit onbelangrik, omdat dit uitgedink is sonder die gesag van God se Woord; en omdat, aan die anderkant, soveel bygelowe daaruit ontstaan het, dat

---

[21] *Voetius' Catechisatie over den Heidelbergschen Catechismus* (Rotterdam: Gebroeders Huge, [1662] 1891), p.783.
[22] Sien die blad: *Waarheid en Dwaling*, Maart 2004, p.9,10.
[23] Sien die volgende *Esra Verslae*, wat artikels bevat wat die teendeel bewys: nrs.41 (Die Psalms); nr.42 (Anno Domini); nr.45 (Feesdae); nr.49 (Reformatio Ecclesiae); nr.54 (1859?).
[24] Aangehaal deur Derek W.H. Thomas, *The Regulative Principle: Responding to Recent Criticism*, in: P.H. Ryken (red.), *Give Praise to God: A Vision for Reforming Worship* (Phillipsburg, NJ: P&R Publishing), p.82.

> ons geensins daarin getwyfel het om dit af te skaf nie, sodat daar niks is wat die mense keer om direk na Christus te gaan nie. Eerstens, ***wat nie beveel is nie is ons nie vry om te kies nie***. Tweedens, niks wat nie dien tot opbou nie moet in die Kerk ontvang word nie.[25]

Prof. David J. Engelsma, nadat hy die regulerende beginsel verantwoord het in die lyn van die kontinentale gereformeerde tradisie, skryf as volg:

> In hul verdediging van die regulerende beginsel het beide Ursinus en Voetius (nie puriteine of presbiteriane nie – SLC) hulself as getroue dissipels van Johannes Calvyn bewys, wat die derde verteenwoordiger is van die Gereformeerde tradisie. Ek verbaas my oor die vermetelheid, of onkunde van Gereformeerde teoloë en predikante vandag wat die regulerende beginsel laat vaar en Gereformeerde aanbidding oopmaak vir eiewillige, willekeurige en grillerige seremonies wat progressiewe aanbidding karakteriseer. Of hulle weet nie, of hul gee nie om dat Calvyn die regulerende beginsel geleer het nie. Of hul weet dit nie, of hul gee nie om dat Calvyn daarop aangedring het dat die regulerende beginsel 'n noodsaaklikheid vir die ware Gereformeerde godsdiens is nie, want hy het die verwerping van die regulerende beginsel gesien as 'n groot deel van die oorsaak vir die Rooms Katolieke bygeloof en afgodery.[26]

Dit sou myns insiens eerliker en beter wees om dit te stel dat daar nie saamgestem word met *sekere toepassings* van die RBE nie, as om te wil probeer beweer dat die RBE is opsigself nie bybels en gereformeerd histories verantwoordbaar nie. Dit sal verdere gesprekke en besinnings bevorder.

In ons eie land, met die herstigting van die GKSA, het die regulerende beginsel, soos verwoord in NGB artikel 7 en HK, Sondag 35, ook 'n sentrale rol gespeel, bewustelik of onbewustelik. Dr. GCP van der Vyver wys daarop dat die Doppers hul o.a. beroep het op skrifgedeeltes soos Deut.4:2; Matt.15:9 en Op.22:19, om te bevestig:

> dat die invoer van die Gesange gelykstelling was van 'n menslike geskrif met die geïnspireerde Woord van God. Met 'n beroep op art.7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis het hulle die Woord van God as volmaak en genoegsaam beskou,

[25] "First, whatever is not commanded we are not free to choose. Secondly,nothing which does not tend to edification ought to be received into the Church," *ibid.*, p.82. Beklemtoning bygevoeg.
[26] Ibid., p.10.

> waaraan niks toegevoeg mog word nie. Die Gesange naas die Psalms in die erediens het hulle beskou as sodanige toevoeging.[27]

Dit is my mening dat ons die aanslag van hulle wat krities staan teenoor die Skrif, en die gesag van die Skrif verwerp of verdraai aangaande die erediens, alleen kan weerstaan met die RBE van die Skrif, soos gehandhaaf en bely deur die Calvinistiese Reformatore en die gereformeerde belydenisskrifte, en nie met die Luthers-Anglikaanse sienings van Luther en Cranmer nie, wat vandag groot veld wen onder gereformeerde kerke.

Maar dit alles gesê, moet ons vra wat leer die Skrif? Bevestig of verwerp dit die regulerende beginsel?

Ek hoop om nou na aanleiding van die Skrifgedeelte wat ons mee begin het, naamlik Johannes 4:1-26, veral verse 19 tot 26, te kyk hoe die regulerende beginsel van die erediens / aanbidding, uit die Skrifte organies vloei, soos ons dit dan ook bely in ons gereformeerde belydenisskrifte. In artikels en gesprekke wat die afgelope paar jaar in die Esra Verslag en ander blaaie en forums plaasgevind het, is daar gefokus op spesifieke sake soos die feesdae en gesange. In die res van hierdie bydrae wil ek probeer fokus op 'n paar basiese beginsels aangaande aanbidding, met die hoop dat dit ons die nodige agtergrond kan gee om verder te besin oor hierdie belangrike onderwerp.

---

27 PROFESSOR DIRK POSTMA 1818 - 1890 (Potchefstroom: Pro Rege, 1958), p.204, 205. Totius skryf: "Eers die vierde konsilie van Toledo, in 633 nC gehou, het die sing van ander gesange, met name dié van Hilarius en Ambrosius, goedgekeur. … Die oudste Christelike kerk het dus gesing *die Psalms* van Dawid", H. Venter (red.), Versamelde Werke, deel III (Kaapstad; Tafelberg, 1977), p.360-362.

3. Johannes 4: Aanbidding in gees en waarheid

Christus is op sy lydensweg oppad na Golgota. In die gedeelte wat ons gelees het, staan daar dat Hy oppad was na Galilea en daarom deur Samaria moes[28] gaan (v.3,4). Daar, in Sigar, by die 'fontein van Jakob' begin Christus 'n gesprek met 'n Samaritaanse vrou. Wat hul saambind, is die dors na die water uit die put, maar Christus wys haar ook op die noodsaak om die water van die ewige lewe te drink, wat Hy alleen vir haar kan bied. Christus wys haar dus op *die noodsaak* van die verlossingsvraagstuk (Joh.7:37,38; 17:3). Om daarby uit te kom wys Hy haar ook op 'n etiese vraagstuk, aangaande haar huweliksbeskouing, en die feit dat sy in sonde lewe. Daarna, vanaf vers 19 en verder volg die aanbiddingsvraagstuk. Wanneer die vrou die vraag vra aangaande die plek van ware aanbidding, is dit nie soos sommige wil beweer, dat sy Sy aandag probeer aftrek van haar sondige lewe nie, maar is dit juis 'n soeke na 'n opregte antwoord van 'n brandende noodsaaklike vraagstuk van haar tyd, tussen die Samaritane en Jode, nl. waar is die regte plek van aanbidding?[29] Vers 9 bevestig die feit dat daar 'n 'aanbiddingsverskil' was tussen Samaritaan en Jood, en omdat sy erken en besef dat Hy 'n profeet is (v.19), wil sy daarom werklik weet waar die "wettige kerkadres is":[30] op Sion of Gerisim. Om die belangrikheid van die vraag te verstaan, is die volgende verduideliking nodig:

> Die Samaritane het hulle net soos die Jode gehou aan die vyf boeke van Moses, maar nie aan die ander boeke van die Ou Testament nie. Volgens Deuteronomium 12:5 het God bepaal dat daar 'n bepaalde plek van aanbidding moes wees. In Deuteronomium 27:4 word die berg Ebal as daardie plek aangedui. Die Samaritane het in hulle "bybel" die berg
>
> "Gerisim" gelees in plaas van "Ebal", en daarom later 'n tempel op Gerisim gebou. Die tempel is in 128 v.C. deur Johannes Hirkanus verwoes, maar die Samaritane het nog daar saamgekom vir hulle godsdienstige verrigtinge. Dit is dus op grond van Deuteronomium 27:4 dat die vrou sê "ons voorouers", dit wil sê van Samaritane en Jode, het daar aanbid. Maar vir die Jode het Jerusalem die plek van aanbidding geword (vgl. Ps. 122). Omdat die boeke van Moses nie Jerusalem noem nie, maar Gerisim telkens aanwys as die plek waar die seën van die Here verkry word (vgl. Deut. 11:29; 27:12), het die vraag of op Gerisim of in Jerusalem aanbid moet word, 'n bitter strydpunt tussen die Jode en die Samaritane geword. Ook hier kry ons te doen met die woordjie (*dei*, vgl. by 3:7) wat dui op 'n

[28] Edei (Εδει) = *dit is noodsaaklik*.
[29] F.W. Grosheide, *Het Heilige Evangelie volgens Johannes*, deel 1 (Amsterdam: Botterburg, 1950), p.290.
[30] C. van der Waal, *Commentaar op Het Evangelie van Johannes* (Goes: Oosterbaan & Le Cointre B.V., 1984), p.49.

verordening van God. *Die vraag van die vrou is dus gerig op die verklaring van die wil van God ten opsigte van 'n vaste plek van aanbidding.*[31]

Sy ignoreer of vermy dus nie die aanbiddingsvraagstuk, oftewel die gehoorsaamheidsvraagstuk van haar tyd nie. So moet ons dit ook nie doen nie. Ons moet ook vandag, eerstens teenoor God, maar ook as gelowiges tot mekaar vra na "*die verklaring van die wil van God"* ten opsigte van ons aanbiddingsvraagstukke, sake soos moet ons alleen die Psalms sing, en moet ons alleen die Sondag as feesdag hou, ens.? In die gesprek tussen Christus en die Samaritaanse vrou, wil ek die volgende "Sewe stellings van Aanbidding" op die tafel plaas, wat ek van mening is vir ons van belang is vir ons siening van aanbidding, en die verdere besinning en gesprekke daaroor:

1. Ons Godsbeskouing bepaal ons aanbidding (v.24a)
2. Aanbidding is noodsaaklik, en dus nie 'n middelmatige saak nie (v.24b)
3. Vereistes vir ware aanbidding: in gees en waarheid (v.23b en 24b)
4. Ons moet valse aanbidding uitken en verwerp (v.22)
5. God die Vader soek ware aanbidders, ook vandag (v.23c)
6. Christus bevestig en handhaaf ware aanbidding (v.21 en 23)
7. Ons word verlos om te aanbid (v.25 en 26)

Vervolgens word daar afsonderlik op elke aspek ingegaan:

3.1 Ons Godsbeskouing bepaal ons aanbidding (v.24a)

"*God is Gees*; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid."

God is Gees. Dit is dié fondament van alle aanbidding.[32] In die konteks van die gesprek met die vrou, bevestig dit dat God nie beperk kan word tot 'n bepaalde plek van aanbidding nie (Jes.66:1,2; Hand.17:24), maar dat Hy orals teenwoordig is by sy kinders regoor die wêreld

[31] E.P. Groenewald, *Die Evangelie volgens Johannes* (Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers, 1980).

[32] "This is a confirmation drawn from the very nature of God. Since men are flesh, we ought not to wonder, if they take delight in those things which correspond to their own disposition. Hence it arises, that they contrive many things in the worship of God which are full of display, but have no solidity. But they ought first of all to consider that they have to do with God, who can no more agree with the flesh than fire with water. This single consideration, when the inquiry relates to the worship of God, ought to be sufficient for restraining the wantonness of our mind, that God is so far from being like us, that those things which please us most are the objects of his loathing and abhorrence. And if hypocrites are so blinded by their own pride, that they are not afraid to subject God to their opinion, or rather to their unlawful desires, let us know that this modesty does not hold the lowest place in the true worship of God, to regard with suspicion whatever is gratifying according to the flesh. Besides, as we cannot ascend to the height of God, let us remember that we ought to seek from His word the rule by which we are governed." – Calvyn se kommentaar op hierdie gedeelte in vers 24a.

deur Sy Gees, waar sy kinders Hom in waarheid aanbid. Dit is belangrik dat ons hieruit sal leer dat as ons besin oor hoe ons God gaan nader in aanbidding, God self sentraal staan, en nie ons as mense se behoeftes, voorkeure en tradisies nie. Dit leer Jesus ook die vrou as Hy vir haar daarop wys dat 'die Vader' (v.23) se eer en wil sentraal moet staan in aanbidding, en nie die 'ons vaders' s'n nie (v.20). Dit geld natuurlik netso vir ons vandag. Is die Vader, of ons tradisies of gewoontes besig om ons aanbidding te bepaal? Ons leer aangaande God, bepaal dus ons leer van aanbidding:

> Die karakter van die kultus moet in verband staan met en beheers word deur die karakter van Hom wat vereer word. Verering sluit immers in (en) beteken absolute onderwerping. En wie hom onderwerp, vra nie hoe sal ek dit wil doen nie, maar hoe beveel Hy wat ek vereer, dit.[33]

Hierdie gesindheid waarvan Grosheide hier praat bevestig dat die heiligheid van God die wese is en moet wees van die erediens, soos dit gereflekteer word in die hemelse aanbidding: "En die een het die ander toegeroep en gesê: Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskare. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!" (Jes.6:3).

Daarom moet die volgende eienskappe van God sentraal staan in ons erediens aan God, soos ons bely in NGB artikel 1: "Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige *geestelike* Wese is wat ons God noem. Hy is ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is."

Dus, <u>stelling 1</u>: Alle ware aanbidding is *Godgesentreerd*.

3.2 Aanbidding is <u>noodsaaklik</u>, en dus nie 'n middelmatige saak nie (v.24b)

"God is Gees; en die wat Hom aanbid, *moet* in gees en waarheid aanbid."

Volgens die Grieks, kan hierdie sin ook letterlik vertaal word as "God is Gees; en *vir* die wat Hom aanbid, *is dit noodsaaklik* om in gees en waarheid te aanbid." Die onpersoonlike werkwoord *dei* kan vertaal word as 'n 'moet' of 'dit is noodsaaklik'. Laasgenoemde versterk die betekenis van "Beslis, volstrek nodig; onmisbaar; (iets) wat nie vermy kan word nie" (HAT).

[33] Grosheide, *ibid.*, p.299.

Deur hierdie woord word die plig en eis tot aanbidding uitgedruk, en dat hierdie plig geld vir alle tye.[34] In die gesprek met die vrou ontwyk Christus dus nie die aanbiddingsvraagstuk nie, maar bevestig deur sy gesprek met haar, die noodsaak daarvan, tesame met die verlossingsvraagstuk (v.14)

Inteendeel wys Hy op die onlosmaaklike band tussen die verlossings- en aanbiddingsvraagstuk.[35] Albei sake is lewensbelangrik vir Christus! As ons Verlosser so erns maak met die kwessie van aanbidding, hoeveel te meer moet ons nie ook daarmee erns maak nie!

Dit is waarlik betreurenswaardig as teoloë en predikante sake aangaande aanbidding wil afmaak as bloot 'middelmatige sake'. Groenewald skryf:

> En ook hierdie "moet" (*dei*) dui op die goddelike verordening. Die gelowige kan nie eiewillig besluit hoe of waar hy God wil aanbid nie; hy het net een weg, naamlik dié wat deur die Gees van God vir hom open. Hierdie grondliggende waarheid word saamgevat in die woorde: "God is Gees, en moet deur die Gees en in waarheid aanbid word.[36]

Daar kan daarom ook met Gritters saamgestem word as hy skryf:

> Ons glo daarom dat aangesien aanbidding **die primêre roeping** van God se volk is, beide nou en in ewigheid (sien Op.14:6,7; 22:9), dit nie moontlik is om genoeg versigtigheid aan die dag te lê, in die bepaling van ons manier van aanbidding nie.[37]

Dus, <u>stelling 2</u>: Ware aanbidding van God is *noodsaaklik*, en nie 'n middelmatige saak nie.

---

[34] "δεῖ (dei) drukt de zedelijke plicht uit , die uit het karakter, dat God draagt, voor den mensch voortvloeit. Het praesens (teenwoordige tyd – SLC) zegt, dat die plicht geldt in alle tijden, vgl. ook het καὶ νῦν ἐστιν (en dit is nou) van v.23."

[35] Sien weer die aanhaling van Calvyn hierbo op p.5.

[36] E.P. Groenewald, *Die Evangelie volgens Johannes* (Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers, 1980). Leon Morris skryf in verwysing met hierdie vers: "Let op die 'moet'. Jesus praat nie net van 'n wenslike element van aanbidding nie. Hy spreek van sake wat absoluut noodsaaklik is … Die mens kan nie die 'waar' en 'hoe' van aanbidding dikteer nie. Hy moet alleen kom in die weg wat die Gees vir hom oopmaak", *The Gospel according to John* (Grand Rapids, MI: Eerdmans, 1979), p.272.

[37] Ibid., p.35. Beklemtoning bygevoeg. "John Piper is correct whenever he insists that the chief end of the church is not missions, but *worship*," Derek W.H. Thomas, *The Regulative Principle: Responding to Recent Criticism*, in: P.H. Ryken (red.), *Give Praise to God: A Vision for Reforming Worship* (Phillipsburg, NJ: P&R Publishing, 2003), p.76.

3.3 Vereistes vir <u>ware</u> aanbidding: in gees en waarheid (v.23b en 24b)

"Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader *in gees en waarheid* sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet *in gees en waarheid* aanbid."

Christus openbaar in hierdie gedeelte self wat die twee vereistes is vir ware aanbidding, nl. in gees en waarheid. Dit is hierdie soort van aanbidding wat die Vader 'soek'.

Hierdie twee vereistes is nie voorstelle nie, maar goddelike verordeninge, ons aanbidding moet daaraan voldoen om ware aanbidding tot eer van God te wees. Nie net een saak nie maar albei.

'In gees'

Met 'in gees' word bedoel dat die ware aanbidder God sal dien in "liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof" (1 Tim.1:5). Dit wil dus die houding of gesindheid, die persoonsingesteldheid van die aanbidder aanspreek, wat ek wil saamvat in die woorde 'uit 'n ware geloof'. In Christus se tyd het Hy dit juis teen die Fariseërs wat wel die Wet het maar die mense verkeerd leer en nie self doen vanuit 'n ware gelowige hart nie (Matt.5:17-20ev; 23:1-3ev).

'In waarheid'

Die 'in waarheid' wys daarop dat ons ware opregte aanbidding, moet nie wees volgens ons eie goeddunke, wette en instellings nie, maar volgens die bevele van God, Sy Woord. Bengel beskryf die ware aanbidding 'in waarheid' as volg: "Nie net opreg nie, maar so dat die aanbidding in harmonie is met die objek, karakter en eienskappe van God."[38] Ware geestelike aanbidding in die waarheid word ook as volg in Heidelbergse Kategismus, vraag en antwoord 91 vir ons gestel:

> Vraag 91: Wat is goeie werke ? Antwoord: Slegs die wat *uit 'n ware geloof* (dus, 'in gees'), volgens die wet van God (dus, 'in waarheid') tot sy eer gedoen word, en nie die wat op ons goeddunke of op oorgelewerde gebruike van mense gegrond is nie.

[38] John A. Bengel, Bengel's New Testament Commentary, vol.1 (Grand Rapids, MI: Kregel Publications, 1981), p.585.

Die geestelike opregte aanbidding is slegs dit 'wat uit 'n ware geloof is', en 'in waarheid' is slegs dit wat 'volgens die wet van God' gedoen word, met die hoogste en enigste doel en motief: die eer van God.

Enige aanbidding wat nie uit die geloof (in gees) volgens God se wet (in waarheid) gedoen word nie, is nie tot sy eer nie. In Calvyn se preek op Miga 6:6-8 verkondig hy:

> Laat ons besef dat as God alles verwerp wat Hyself onder die Wet beveel het, omdat die volk tevrede was om dit net in 'n uiterlike vorm te gehoorsaam (d.w.s. nie 'in gees' aanbidding nie – SLC); dan sal God soveel te meer regverdiglik alles veroordeel wat mense dwaaslik uitdink, wanneer Hy nie sy mond geopen het om 'n enkele woord oor 'n betrokke saak te sê nie (d.w.s. nie 'in waarheid' aanbidding' nie)."[39]

Ons aanbidding moet dus nie in *of* gees *of* waarheid wees nie, maar "in gees én waarheid".[40] Om 'n voorbeeld te noem. Ons erediens kan ingerig wees volgens die bevele van God, maar ons kan God nogsteeds vals aanbid, omdat ons dit nie uit 'n 'ware geloof' doen nie. Of ons kan in die geloof God opreg probeer dien, maar ons aanbidding is vals, omdat ons dit nie volgens die bevele van God alleen wil doen nie, maar ook ons eie vorme van aanbidding wil byvoeg.

Soos Paulus sê van die Jode van sy dag, so kan daar ook baiemaal van ons gesê word aangaande ons aanbiddingsywer: "Want ek getuig van hulle dat hulle 'n ywer vir God het, maar sonder kennis" (Rom.10:2; sien ook Hos.4:6).[41] Daarom, verwerp Christus beide die Fariseërs se *geestelose* valse aanbidding nie, maar ook hul *waarheidlose* valse aanbidding:

---

[39] J. Calvin, *Sermons on the Book of Micah*, translated and edited by B.W. Farley (Phillipsburg, NJ: P&R Publishing, 2003), p.332.

[40] ἐν πνεύματι καὶ ἀληθείᾳ.

[41] "Let us hence learn where our good intentions may guide us, if we yield to them. It is commonly thought a good and a very fit excuse, when he who is reproved pretends that he meant no harm. And this pretext is held good by many at this day, so that they apply not their minds to find out the truth of God, because they think that whatever they do amiss through ignorance, without any designed maliciousness, but with good intention, is excusable. But no one of us would excuse the Jews for having crucified Christ, for having cruelly raged against the Apostles, and for having attempted to destroy and extinguish the gospel; and yet they had the same defense as that in which we confidently glory. Away then with these vain evasions as to good intention; if we seek God sincerely, let us follow the way by which alone we can come to him. For it is better, as *Augustine* says, even to go limping in the right way than to run with all our might out of the way. If we would be really religious, let us remember that what *Lactantius* teaches is true, that true religion is alone that which is connected with the word of God. And further, since we see that they perish, who with good intention wander in darkness, let us bear in mind, that we are worthy of thousand deaths, if after having been illuminated by God, we wander knowingly and willfully from the right way." – Calvyn se kommentaar op Rom.10:2.

> Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af (dus nie 'in gees' nie). Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is (dus nie 'in waarheid' nie)" (Matt.15:8,9).

Dus, stelling 3: Alle ware aanbidding moet 'in gees én waarheid' wees.

3.4 Ons moet valse aanbidding uitken en verwerp (v.22)

"Julle aanbid *wat julle nie weet nie*; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode."

Soos hierbo genoem, is valse aanbidding daardie soort van aanbidding wat nie in gees en waarheid is nie. Christus sê vir die vrou dat die valse aanbidding van die Samaritane gebaseer was op hul 'eie goeddunke' en nie op die Openbaring van God, wat die Jode ontvang het nie (Deut.4:1-10; 7:6-13; Ps.147:19,20; Rom.3:1,2). Hier kan weer genoem word dat die Samaritane slegs die vyf boeke van Moses (die Pentateug) erken het, en dus nie die res van die OT erken het nie.

Ek wil daaruit 'n 'hermeneutiese toepassing' maak, nl. dat as ons besin oor hoe ons moet aanbid, die hele Skrif en nie net die Ou of Nuwe Testament nie, ons bron en standaard sal wees. D.w.s goeie openbaringshistoriese en heilshistoriese besinning van ons onderwerp vanuit 'n grammaties-historiese eksegese. Ons moet nie in dieselfde strik trap as sekere teoloë en predikante wat 'n wig probeer indryf tussen die Ou en Nuwe Testament nie. Dit is hier die moeite werd om Calvyn se kommentaar op vers 22 aan te haal, veral die implikasies wat dit het vir ons onderwerp:

> Hierdie is 'n sin wat waardig is om te onthou, en leer ons dat ons nie enigiets in die godsdiens oorhaastig of blindweg moet aanpak nie, want indien daar nie kennis is nie, dan is dit nie God wat ons aanbid nie, maar 'n droombeeld of 'n afgod. Alle goeie bedoelings (goeddunke), soos dit genoem word, word deur hierdie sin getref soos 'n weerligstraal, want ons leer daardeur dat die mens niks anders kan doen as om te dwaal nie, wanneer hul gelei word deur hul eie opinies sonder die woord of bevel van God.

Dit word dan ook in HK, vraag en antwoord 21 bevestig op die vraag wat 'n ware geloof is:

> 'n Ware geloof is nie alleen *'n vasstaande kennis* waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het, vir waar aanvaar nie, maar ook *'n vaste vertroue*, wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk, naamlik dat God nie net aan ander nie maar ook aan my uit louter genade slegs op grond van die verdienste van Christus vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid, geskenk het.

In Calvyn se kommentaar op Miga 1:5b-10 brei hy uit oor valse aanbidding:[42]

> Wanneer ons daarop aandring om God te nader op 'n manier wat ons goeddunk, dan moet ons nie dink dat God dit moet aanvaar nie, want enigiets wat God ons nie beveel het om te doen nie, of sy stempel van goedkeuring op geplaas het nie, eindig daarin dat ons die loon daarvan in die hel sal ontvang. … Ons kan nie enige vorme van aanbidding invoer, gebaseer op ons eie fantasieë nie, sonder om daardeur op dieselfde oomblik 'n nuwe god te versin nie. En dit is die geval met die papiste. … Hulle dink dat hul God waarlik behaag … wanneer hul die mis hou tot eer van verskillende heiliges, as hul middagvoorstellings bywoon en sekere feesdae hou. Dit is die soort van aanbidding wat die papiste versin het … Hoe vertrou mense vandag nie in hul eie uitvindings nie! Hoe skep hul nie argumente in hul onkunde nie, en sê dan: 'Maar my bedoelinge was goed!' … Dit wat hul aanbidding van God noem, kan nie deur een lettergreep van die Skrif ondersteun word nie."

Calvyn gaan dan voort en beskryf dat ongeag die feit dat ons ons onkunde aanvaarbaar vind, God dit nie aanvaar nie, en daarom is dit verkeerd om te sê " 'O, ek het dit nie geweet nie.' Ons kennis (wat ons weet) moet gebaseer wees op wat God sê in sy Skrif."

Vandag is ons buite maar veral binne die kerk so mensgesentreerd, en is ons mensbeeld so korrup deur die humanisme, menseregte en arminianisme (wat almal basies leer dat die mens eintlik van nature goed is en dit wat hy doen 'goed is' … Hoekom? … omdat dit 'goed bedoel' is … ook in godsdiens), dat ons dit nie kan glo dat lidmate, en ja, selfs predikante en kerkrade 'n valse erediens daar kan stel nie, goeie bedoelings en al! As 'n mens egter die heilsgeskiedenis en kerkgeskiedenis bestudeer, dan is dit 'n getuienis van hoe daar telkens deur die kerk afgedwaal is om 'n valse erediens daar te stel.[43] Daarom is daar telkens

---

[42] Ibid., p.32 ev.

[43] "Wanneer Moses vertel dat Ragel haar vader se afgode gesteel het, praat hy daarvan as 'n algemene oortreding. Daaruit kan ons aflei dat die mens se verstand, om dit so te stel, voortdurend 'n fabriek van afgode is", Calvyn, *Institusie* I.11.8.

kerkreformasie nodig. Hoe durf ons dit stel dat 'ons' vandag, daarvan gevrywaar is? Ek is van mening dat dit juis ons tyd, waar daar soveel onkunde oor die Skrif, belydenis en kerkgeskiedenis is, wat ons soveel meer vatbaar maak vir 'n valse erediens, gebaseer op ons eie goeddunke, of wat *ons* dink 'waardeer' moet word en aanneemlik is vir God, ons 'eiewillige offers'.

Die gevolg van die Samaritaanse eiewillige godsdiens word vir ons mooi beskryf in 2 Konings 17:24-41. Sien die volgende verse:

> 32 Hulle het die HERE ook gevrees ***en*** vir hulle priesters van die hoogtes uit al hul stande aangestel, wat vir hulle in die tempels van die hoogtes diens doen. 33 Hulle het die HERE gevrees ***en*** hulle eie gode gedien *volgens* die gebruik van die nasies waar hulle vandaan weggevoer is. 34 Tot vandag toe handel hulle volgens die vroeëre gebruike: hulle vrees die HERE nie, en handel ook nie volgens hulle insettinge en volgens hulle gebruike nie, *of volgens die wet en volgens die gebod wat die HERE die kinders van Jakob beveel het*, aan wie Hy die naam Israel gegee het. 35 Tog het die HERE met hulle 'n verbond gesluit en hulle bevel gegee en gesê: Julle mag geen ander gode vrees of julle voor hulle neerbuig of hulle dien of aan hulle offer nie. 36 Maar die HERE wat julle uit Egipteland laat optrek het met groot krag en met 'n uitgestrekte arm, Hom moet julle vrees en voor Hom buig en aan Hom offer. 37 En die insettinge en die verordeninge en die wet en die gebod wat Hy julle voorgeskrywe het, moet julle altyd sorgvuldig onderhou, maar ander gode mag julle nie vrees nie. 38 En die verbond wat Ek met julle gesluit het, mag julle nie vergeet nie, en julle mag ander gode nie vrees nie. 39 Maar die HERE julle God moet julle vrees, en Hy sal julle verlos uit die hand van al julle vyande. 40 Hulle het egter nie geluister nie en *volgens* hul vroeër gebruik gehandel. 41 So het hierdie nasies dan die HERE gevrees ***en*** hulle gesnede beelde gedien; ook hulle kinders en hulle kindskinders doen soos hulle vaders gedoen het, *tot vandag toe*.

Jesus sê vir die vrou wat haar geloof bely het in die Messias wat moes kom (4:25), wat die Pentateug aanvaar het as hul 'Bybel', wat baie godsdienstig was en God aanbid het, in soveel woorde "julle aanbidding is vals en julle ken nie eers die ware God nie, en dan is julle ook nie gered nie."[44] Dit was omtrent dieselfde standpunt wat Paulus teenoor die Atheners gehandhaaf het: "Hom dan wat julle vereer sonder om Hom te ken" (Hand.17:23)

---

[44] B.M Schwertley, *The Teaching of Jesus on Worship* (internet artikel, beskikbaar by www.reformedonline.com)

Die diens aan God volgens die bevele van die HERE was nie vir die Samaritane genoegsaam nie, en hul het dit aangevul "volgens die gebruike van die nasies waar hulle vandaan weggevoer is."[45] So het hul dan die HERE gevrees én gesnede beelde gedien. Hoe lyk ons aanbidding en eredienste vandag? Doen ons wat die HERE alleen beveel, of neem ons ook weg en voeg by soos wat die tydsgees en menslike behoeftes vir ons voorskryf?

Dus, stelling 4: Valse aanbidding is in ongeloof, gebaseer op menslike goeddunke, dit verwerp die genoegsaamheid van die bevele van God, is nie tot eer van God nie, en is daarom nie aanbidding "in gees en waarheid" nie.

3.5 God die Vader soek ware aanbidders, ook vandag (v.23c)

"Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; *want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid*."

Met 'soek' moet hier verstaan word, hoe God wil en vereis hoe Hy aanbid moet word, en dat Hy juis sy kinders daartoe red en gewillig en bekwaam maak (Fil.2:11,12).[46]

Vir hierdie doel is Hy besig om vir Hom 'n "geslag van God" te soek, te vergader (Mal.2:15), soos ons dit ook as volg bely in HK, v&a 54:

> Vraag 54: Wat glo jy van die heilige, algemene Christelike kerk ?
>
> Antwoord: Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot die einde toe vergader, beskerm en onderhou en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.

Hier wil ek ook u aandag vestig op die frase 'ware aanbidders'.[47] Dit bevestig, myns insiens, dat daar wel so iets bestaan as 'ware' en 'valse' aanbidding, netsoos wat daar 'n 'ware' en 'valse'

---

[45] "But why did not the true God make Himself known to the Samaritans? Why were they condemned to worship they knew not what? The answer is: Because they did not seek access to the true God *in the manner prescribed by Him*," E.W. Hengstenberg, *Commentary on the Gospel of St. John* (Minneapolis: Klock and Klock, 1980 [1865]), 1:235.

[46] "For such are the very people whom the Father is seeking as his worshipers, not in the sense that there are individuals who have made themselves such worshipers, and that the Fathers is, as it were, searching for them; but in the sense that keeps on intensely yearning for his elect in order that he may make them such worshipers. His seeking is saving (cf. Luke 19:10)", W. Hendriksen, *The Gospel of John* (Grand Rapids, MI: Baker Book House, 1979), p.167.

evangelie bestaan (Gal.1:8,9), en nie soos vandag beweer 'graadverskille' van aanbiddingsvorme nie.

Daarom is die verskeidenheid van "aanbiddingteologieë" oftewel die 'mengelmoes' aanbidding van vandag van ons heilige God, verwerplik.

Dat God sy ware aanbidders soek, is iets wat regdeur die geskiedenis plaasvind, en nie iets wat begin het in die eerste eeu nie. Graag wil ek saam met u na 'n paar belangrike gebeure en uitsprake in die Ou Testament kyk, wat vir ons wys wat die verskil is tussen ware en valse aanbidding, tussen wat die Vader soek en nie soek nie, in die aanbidding van sy Heilige Naam:

OU TESTAMENT OPENBARING AANGAANDE AANBIDDING

a. Aanbidding as skeppingsordening (Genesis 2)

"[15] Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te *bewerk* en te bewaak."

Die woord wat gebruik word om 'aanbidding' in die Ou Testament aan te dui, is *chawa,*[48] wat letterlik beteken 'om jou neer te buig' of 'te aanbid'. Dit behels om jou neer te buig voor 'n hoër gesag. Dit kan voor God, gode of mense wees. Dit is God se bevel dat alle mense Hom moet aanbid:

> [7] Gee aan die HERE, o geslagte van die volke, gee aan die HERE eer en sterkte. [8] Gee aan die HERE die eer van sy Naam, bring offers en kom in sy voorhowe. [9] Aanbid die HERE in heilige gewaad; beef voor sy aangesig, o ganse aarde!" (Ps.96; sien ook Ps.117).

In Gen.2 lees ons van die mens wat in die tuin geplaas word om dit te 'bewerk en te bewaak'. Dit word dan verstaan as die 'kultuurmandaat' of 'kultuuropdrag'. Die woord 'bewerk' in Hebreeus kom van die wortelstam *aavad*,[49] wat kan beteken "werk, maak, dien, *aanbid*, om te

---

[47] ἀληθινοὶ προσκυνηται.

[48] hw:j; verskyn 170 keer in die OT, waarvan die meerderheid gevalle is in die aanbidding van God of afgode (R.L. Harris, G.L. Archer & B.K. Waltke, *Theological Wordbook of the Old Testament* [Chicago: Moody Press, 1980], p.267-269.).

[49] עבר

bewerk".[50] Die NIDOTTE wys daarop dat die woord beide sekulêre en godsdienstige/teologiese belangrikheid omvat, en dat die 'bewerking' van die grond 'n inherente godsdienstige handeling behels ('aanbidding'), om sodoende die Skepper se doel met die skepping te vervul.[51]

Dus, reeds voor die sondeval, is die beginsel van aanbidding vasgelê as die primêre doel van die mens, en is die mens nie eerstens in die tuin geplaas, omdat die tuin 'bewerking' nodig gehad het nie (voor die sondeval), maar met die doel om te 'aanbid'.[52] Die mens se aanbidding, selfs in sy sondelose staat, word egter nie aan homself, aan sy eie goeddunke oorgelaat nie, want in die opvolgende verse word daar aan die mens geopenbaar hoe hy God moet aanbid, en saam met wie hy dit moet doen, in sy bewerking van die tuin:

> En die HERE God het aan die mens *bevel* gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas (Gen.2:16-18).

Hier, voor die sondeval openbaar God reeds sy wet (*tsaava*),[53] wat goed is vir die mens, en wat regdeur die Ou Testament sentraal staan in die aanbiddingslewe van die mens, nie net 'dat' God aanbid moet word nie, maar ook 'hoe', d.w.s. God se tsaava (wet) bepaal nie net die mens se totale roeping op aarde nie, maar ook en veral die 'in waarheid' van die aanbidding van God,

---

[50] W.A. van Gemeren, *New International Dictionary of the Old Testament Theology and Exegesis*, vol.3 (Carlisle: Paternoster Press, 1997), p.304.

[51] "It is employed 271x in the q. stem, and its use encompasses both secular and religious/theological importance. What may appear to be a merely nontheological usage is sometimes seen to be a religious usage upon closer examination. Gen 2:5 indicates clearly that one of the purposes for the creation of μd:a;, humankind, was to till (db'[;) the ground *before* the Fall. So it was always God's design that humans would work the ground the Lord/God had created in Eden, an inherent religious act when done to fulfill the Creator's purposes. In 2:15, two infinitives construct indicating purpose, work/till, in parallel with watch over/keep (rm'v;), establish this point farther. … The response of the ground itself is ultimately dependent on humankind's spiritual relation to God and, hence, to the ground", Van Gemeren (red.), *ibid.,* p.304.

[52] Die *Geneva Bible* se nota is as volg op die frase 'om te bewerk': "God would not have man idle, though as yet there was no need to labour." Grammaties sal 'n mens ook opnuut moet gaan kyk na die kongruensie verhouding van die infinitiewe (albei met derdepersoon, vroulik, enkelvoud agtervoegsels) tot die genetieffrase 'tuin van Eden' (albei naamwoorde is manlik, enkelvoud), en dit nie ander verstaans-moontlikhede van hierdie infinitiewe regverdig nie, of selfs vereis? Victor P. Hamilton skryf bv. as volg: "The pronominal suffix 'it' on 'dress' and 'keep' is feminine. 'Garden' is masculine. Does this indicate that the reference is to the ground/earth (fem.) in the garden that man is to till and tend? Or is it the case that many nouns denoting place have a variable gender (GKC, 1221)? I am inclined to prefer the former explanation, if only for the fact that nowhere else is *gān* treated as femine.", *The Book of Genesis*, chapters 1-17 (Grand Rapids, MI: Eerdmans, 1990. p.171, voetnoot 1.

[53] צָוָה

die 'wat' en 'hoe' van aanbidding.[54] Dit bevestig dat die wet van God nie die mens se vryheid beperk nie, maar juis beskerm. Ja, deur Christus is ons vry, vry van die sonde om nou God weer uit die geloof volgens sy Bevel te dien en te aanbid, waarvoor ons geskape is, en tot in ewigheid gaan doen! Met die sondeval, tree die vloek en stryd in a.g.v. die sonde, en dit tref die bewerking van die grond, en dit werk ook uit in die mens se verhouding tot God en sy naaste.

In Gen.3:15 word die antitese tussen die vrouesaad en die slangesaad daargestel deur God ("Ek sal vyandskap stel..."), tussen Christus en die Satan, tussen die gelowiges en die ongelowiges, tussen die uitverkorenes en verwerptes, tussen die waarheid en die leuen, en hierdie antitese werk hom uit op alle terreine van lewe en denke, ook in die mens se aanbidding van God.

Reeds in die volgende hoofstuk, sien ons alreeds die antitese en stryd tussen die saad van die slang en die saad van die vrou, en hoe dit plaasvind in terme van ware en valse aanbidding. Van die begin van die skepping af *soek* God dus ware aanbidding.

b. 'n Onaanvaarbare offer (Genesis 4)

3 En na verloop van tyd het Kain van die vrugte van die land aan die HERE 'n offer gebring. 4 En Abel het ook van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring, naamlik van hulle vet. En die HERE het Abel en sy offer genadig aangesien, 5 maar Kain en sy offer nie aangesien nie. Toe word Kain baie kwaad, en hy het sy hoof laat hang."

Kommentatore verskil oor die rede waarom die HERE Abel se offer aangesien het en nie Kain se offer nie.[55] Die twee hoofredes wat meestal aangevoer word, is:
- Kain se gesindheid / ingesteldheid was verkeerd (4:5b-7; Hebr.11:4).
- Kain het ge-offer wat God nie beveel het nie: "vrugte van die land" (4:3)[56]

---

[54] "God "commanded" the world into existence (Psa 33:9; Isa 45:12). All creatures and elements therefore obey his command (cf. 1Kings 17:4; Job 37:12; Psa 78:23). God also directs the course of history by decreeing crucial events; indeed no determinative event happens without God's ordaining it (Lam 3:37). Indeed he decrees that his people be victorious (Psa 44:4 [H 5]). **What God commands to be done, he provides the means to accomplish**, e.g. he instructed Moses concerning the building of the cultic furniture and buildings; then he inspired Bezalel and Oholiab with the Spirit of wisdom to be able to accomplish the work (Exo 31:2-6; Exo 35:30-36:1). Regarding the making of these objects the text first details the instructions and then describes Israel's careful fulfillment of God's commandment (Exo 25-30; 3 Exo 36-39; Lev 8; cf. Exo 39:5, 7, 32, 42.). God insures the truth of his word by commanding it; he commanded the covenant (Psa 105:8; Psa 111:9) and will command blessing to those faithful to the covenant (Deut 28:8; Psa 133:3). God remembers what he has commanded and is careful to fulfill every part of his side of the command decreed (1Chr 16:15)," R.L. Harris, G.L. Archer & B.K. Waltke, *Theological Wordbook of the Old Testament*, vol.II (Chicago: Moody Press, 1980), p.757. Beklemtoning bygevoeg.

[55] V.P. Hamilton, *The Book of Genesis*, chapters 1-17 (Grand Rapids, MI: Eerdmans, 1990), p.224.

Albei hierdie redes behels valse vs. ware aanbidding, nl. nie uit 'n ware geloof in opregtheid nie (d.w.s. nie 'in gees' nie), asook nie volgens die wet/bevel van God nie (d.w.s. nie 'in waarheid' nie). Daarteenoor spreek Abel se offer van ware aanbidding, soos Hebr.11:4 bevestig: dat hy "van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring het" (4:4; sien 3:21) deur die geloof.[57]

Hierdie geloof het juis behels dat hy die Een verwag het waarvan daar reeds in Gen.3:15 geprofeteer het, en daarom kon hy deur die genade wat God geskenk het, uit die geloof in waarheid sy offer bring.

God skenk en soek dus ware aanbidding, 'in gees en waarheid'.

c. Die Tweede Gebod (Exodus 20)

"TOE het God al hierdie woorde gespreek en gesê: [2] Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. [3] Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie. [4] Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. [5] Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; [6] en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou."

---

[56] "They approached God with sacrifices more often than once a year. It more likely that we are to reckon this from the end of the days of week, after six working days. For, as the foregoing context implies, they observed the Sabbath. In this they imitated God as His dear children. Regul'ar worship was early established (cp. 4:26). Moreover, the family of Adam was used to the custom of sacrificing, it having been begun and divinely delivered to them through the bestowal of the coats of skins. This custom they had continued week by week, and so Sabbath by Sabbath instructing their children in this form of worship (See our remarks on Genesis 2:3). "Cain brought of the fruit of the ground." His was a self-made religion. He was the typical would-be autonomous man. In his offering he rejected the covenant, "for without the shedding of blood there is no remission" (Heb. 9:22). In fact, he introduced a covenant of works, and for this he and his offering were rejected. "Cain brought... an offering unto the Lord." Literally, the words read, Cain brought offering to Jehovah. There is no article, definite or indefinite. He brought the bare formality of worship to God. Proverbs 21:27 tells us what was so wrong with this offering: he brought it with a wicked mind" R.C. Harbach, *Studies in the Book of Genesis* (Grandville: Grandville PRC, 1986), p.98.

[57] "Abel brought of the firstlings of his flock, no second-rate material, the fat thereof. So he offered the choicest of his herds. That he was right in doing so became confirmed later in the legislation of Leviticus 1:2 and 17:11. "And the Lord had respect to Abel and to his offering." His offering was, strictly, not a sin-offering, but a thank-offering. It was the same as the peace-offering of Leviticus 3. A portion of this offering was eaten as a sign of fellowship with God. This is what made the peace-offering especially a thank-offering ('in gees' – aanbidding). Cain did not come in the way of peace, neither was thankful. To God, Abel's offering was a sweet-smelling savor because it was what God himself already had used and appointed for the family altar at Eden's gate, for the future sacrifices, and for a suitable type of the coming Seed and His sacrifice. Abel's offering was accepted because it harmonized with the divine usage and appointment ('in waarheid' – aanbidding)" *Ibid.*, p.99.

In die eerste gebod leer ons *wie* ons moet aanbid en word enige vorm van afgodery verwerp (HK, v&a 95); in die tweede gebod leer ons *hoe* ons die enigste God moet aanbid en word enige vorm van eiewilige godsdiens verwerp (HK, v&a 96).[58] Die vierde gebod leer ons dan ook *wanneer* ons moet aanbid as gemeente,[59] en verwerp so eiewillige eredienste gegrond op menslike goeddunke.[60]

Vanuit die tweede gebod leer ons dat ons geen beelde van God mag maak of dit aanbid nie, soos wat Deut.4:15ev dit ook verduidelik:

> 15 Neem julle dan terdeë in ag ter wille van julle siele - want julle het géén verskyning
> gesien op die dag dat die HERE by Horeb uit die vuur met julle gespreek het nie - 16 sodat
> julle nie verderflik handel deurdat julle vir julle 'n gesnede beeld, 'n gelykenis van enige
> afgodsbeeld, maak nie: 'n afbeelding van man of vrou, 17 'n afbeelding van enige dier wat
> op die aarde is, 'n afbeelding van enige gevleuelde voël wat in die lug vlieg, 18 'n afbeelding
> van enigiets wat op die aarde kruip, 'n afbeelding van enige vis wat in die water onder die
> aarde is; 19 dat jy ook jou oë nie na die hemel opslaan, en as jy die son sien en die maan
> en die sterre, die hele leër van die hemel, jou laat verlei en voor hulle neerbuig en hulle
> dien nie - dinge wat die HERE jou God aan al die volke onder die hele hemel uitgedeel het.

Vanuit die tweede gebod, leer die Heidelbergse Kategismus ons die volgende belangrike sake:

> Vraag 96: Wat eis God in die tweede gebod ?
>
> Antwoord: Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie.
>
> Vraag 97: Mag ons dan glad nie beelde maak nie ?
>
> Antwoord: God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie. Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle afbeeldings maak of besit om dit te vereer en Hom daardeur te dien.
>
> Vraag 98: Mag ons beelde as "boeke vir die leke" in die kerkgeboue toelaat ?

---

[58] "In the First Commandment, after He had taught who was the true God, He commanded that He alone should be worshipped; and now He defines what is HIS LEGITIMATE WORSHIP." Calvyn, Ex.20:4
[59] D.J. Engelsma, B. Gritters & C. Terpstra, *Reformed Worship* (Grandville, MI: RFPA, 2004), p.5.
[60] Sien die artikel elders in hierdie uitgawe oor Voetius en die feesdae.

Antwoord: Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig.

Die woorde 'op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie", sluit alle menslike versinsels, tradisies en goeddunke van die mens in, wat die Woord nie beveel nie.[61] Party mense probeer met vernugtige voetwerk dit stel dat ons God wel mag afbeeld, solank ons die beeld / prent net nie vereer of dien nie. Die HK is egter duidelik 'God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie.'

Dus, om 'n beeld of prent van God te maak, soos bv. die film van Mel Gibson, of die baie jesus prente in kleuterbybels en ander christelike media, is 'n direkte eksplisiete oortreding van die tweede gebod. God beveel dit nie, daarom is dit verbode. Hy het nie 'n behae in hierdie soort van eiewillige godsdiens nie.

Die tweede gebod bevestig dus wat God *soek* in aanbidding.

d. Vreemde vuur (Levitikus 10)

"EN die seuns van Aäron, Nadab en Abíhu, het elkeen sy vuurpan geneem en vuur daarin gegooi en reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die aangesig van die HERE gebring, *wat Hy hulle nie beveel het nie*. [2] Daarop het daar vuur van die aangesig van die HERE uitgegaan en hulle verteer, en hulle het gesterwe voor die aangesig van die HERE. [3] Toe sê Moses vir Aäron: Dit is dit wat die HERE gespreek het deur te sê: In die wat naby My is, wil Ek My as die Heilige laat ken, en voor die oë van die hele volk wil Ek My verheerlik. Maar Aäron het stilgebly."

As die HERE vir Nadab en Abihu doodslaan omdat hul vreemde vuur "voor die aangesig van die HERE gebring (het), **wat Hy hulle nie beveel het nie**" (Lev.10:1b), dan is Aaron, soos ons ook sekerlik sou wees, baie ontsteld. En dan antwoord die HERE vir Aaron in Lev.10:3 ... en vir jou en vir my vandag: "In die wat naby My is, **wil Ek My as die Heilige laat ken**, en voor die oë van die hele volk wil Ek My verheerlik." (Lev.10:3) Dit bevestig opnuut dat God se karakter

[61] "The former indeed precedes in order, viz., that believers are to be contented with one God; but it would not be sufficient for us to be instructed to worship him alone, unless we also knew the manner in which He would be worshipped. The sum is, that the worship of God must be spiritual, in order that it may correspond with His nature. For although Moses only speaks of idolatry, yet there is no doubt but that by *synecdoche,* as in all the rest of the Law, he condemns all fictitious services which men in their ingenuity have invented. For hence have arisen the carnal mixtures whereby God's worship has been profaned, that they estimate Him according to their own reason, and thus in a manner metamorphose Him." – Calvyn, Ex.20:4.

ons erediens, ons aanbidding van Hom moet bepaal, en nie wat ons dink of voel of 'n waardering voor het nie. Sy bevel, nie ons gemoed nie, bepaal ware aanbidding in gees en waarheid. Wenham skryf as volg:

> Die hele narratief vanaf 8:1 het daartoe gelei dat God se bedienaars die wet stiptelik en presies gehoorsaam. Skielik vind ons hier dat die seuns van Aaron iets doen *wat nie beveel was nie*.[62]

Hier is 'n duidelike begronding van die regulerende beginsel, in soveel woorde, naamlik "As God dit nie beveel nie, is dit verbode". Sommige probeer hierdie teks verstaan asof die seuns van Aaron iets gedoen het wat God direk verbied het, nl. die 'vreemde reukwerk' van Ex.30:9. In die teks staan daar egter duidelik dat dit die 'vreemde vuur' is wat God nie beveel het nie.[63]
Dus, omdat hul iets aan die HERE gebring het in aanbidding, wat Hy nie beveel het nie, daarom het die HERE hul verteer. Dit laat ons opnuut besef hoe heilig God is en die erns wat Hy maak met die erediens aan Hom.

Dus, God *soek* aanbidding wat Hy beveel, en nie wat ons 'goeddunk' nie.

e. Verwerping van valse aanbidding (Deuteronomium 12)

32 Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie."

Vir Calvyn, soos vir John Knox,[64] soos in NGB artikel 7,[65] was Deut.12:32 die *loci classicus* aangaande die erediens. Knox skryf dat "Alle aanbidding, verering of diens wat deur die mens se brein uitgedink is in die erediens van God, sonder Sy eie uitdruklike bevel, afgodery is."[66] Calvyn se kommentaar op Deut.12:32, is:

> *Alles wat Ek julle beveel*. Deur hierdie kort klousule leer Hy dat alles regmatig is in die erediens aan God, wat Sy goedkeuring in Sy Woord wegdra … Deur die verbod op

---

[62] G.J. Wenham, *The Book of Leviticus* (Grand Rapids, MI: Eerdmans, 1979), p.155.
[63] אֵשׁ זָרָה אֲשֶׁר לֹא צִוָּה אֹתָם "wat Hy hulle nie *beveel* [tsivaa] het nie". Die gebruik van die woord 'vreemd' זָרָה (zaaraa) versterk die bedoeling van die teks, nl. dat hul iets gedoen het, bygevoeg het wat nie deel is of God se wet aangaande aanbidding nie: "It is used for some action strange to the law (Lev 10:1)", R.L. Harris, G.L. Archer & B.K. Waltke, *Theological Wordbook of the Old Testament*, vol.II (Chicago: Moody Press, 1980), p.238.
[64] V.E. d'Assonville, *John Knox and the Institutes of Calvin* (Durban: Drakensberg Press Limited, 1968), p.70.
[65] "*En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat* (Deut.12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemaal volmaak en in alle opsigte volkome is. ..."
[66] *The Works of John Knox* (Canada: SWRB, 1996 [1893]), vol.3, p.34.

> byvoegings en die nalaat van enigiets, veroordeel Hy eenvoudig as onwettig alles wat die mens deur sy verbeelding uitdink.

Hierdie vers is binne die konteks van wetgewing wat God gegee het aangaande 'die heiligdom' (12:1-27) en 'valse profete en afgodery' (13:1-18). Israel se lewe, veral die hele tempeldiens en alles wat daarmee gepaard gegaan het, was bepaal deur die bevel van God en word gekenmerk deur frases soos "soos die HERE Moses beveel het"[67] "wat die HERE beveel het"[68] "volgens die bevel van die HERE"[69], ens.

Dus, God soek aanbidding waar niks bygevoeg en niks weggelaat word nie, *volgens* sy bevele: "net soos Ek jou beveel het"[70]

f. Die ark (2 Samuel 6)

"[3] En hulle het die ark van God op 'n nuwe wa vervoer en dit uit die huis van Abinádab, wat op die heuwel is, gebring. Terwyl Ussa en Agjo, die seuns van Abinádab, die wa drywe, [4] met die ark van God, het Agjo voor die ark geloop. ... [6] En toe hulle by die dorsvloer van Nagon kom, het Ussa sy hand uitgesteek na die ark van God en dit vasgehou, want die osse het gestruikel. [7] Daarop het die toorn van die HERE teen Ussa ontvlam, en God het hom daar getref oor dié vergryp, sodat hy daar by die ark van God gesterf het."

Dawid en sy manne se bedoeling was goed, om die ark na Jerusalem te neem. Hul wou die HERE waarlik dien met oorgawe. Ussa se goeie bedoeling met die ark van God kom nog meer tot uiting deurdat hy die ark wou ondersteun met sy hand, toe die osse struikel. Wat is die gevolg? God se seën? Nee, ons lees "die toorn van die HERE (het) teen Ussa ontvlam ... oor dié vergryp sodat Ussa net daar gesterf het." Ja, natuurlik het Ussa God se gebod in Num.4:15 oortree, nl. om nie aan die ark te raak nie (d.w.s. teen 'n uitdruklike bevel), maar daar was meer oortredings op daardie dag, soos Dawid se getuienis dit stel:

> Want omdat julle in die begin nie by was nie, het die HERE onse God teen ons uitgebreek, omdat ons Hom nie gesoek het *soos dit behoort nie*. Daarop het die priesters en die Leviete hulle geheilig om die ark van die HERE, die God van Israel, te gaan haal. En die seuns van die Leviete het die ark van God, *soos Moses volgens die woord van die HERE beveel het*, op hulle skouers gedra, met die draaghoute op hulle." – 1 Kronieke 15:13-15.

---

[67] Sien bv. Exodus 39 en 40.
[68] Sien bv. Lev.7:36; 8:5; 17:2; Num.19:2; 30:1; 34:13; Jer.26:8.
[69] Ex.17:1; Num.3:16; 4:45; 9:20; 33:2; Dt 34:5; Jos.15:13; 17:4; 21:3; 2 Kon.24:3; 1 Kron. 12:23.
[70] Ex 29:35; 31:11; 1 Kon.9:4; Jes.50:21.

Nêrens in die Skrif staan dit dat die ark nie deur 'n wa gesleep deur osse vervoer kon word nie. Hoekom het die HERE dan toornig geword? Omdat Hy reeds beveel het *hoe* dit wel gedoen moet word, nl. dat dit gedra moes word deur die Leviete (Num.4:15; 7:9; 10:21; Deut.31:9), en dit was 'genoegsame' openbaring vir die Israeliete om te weet dat hul nie die HERE kon dien met die anglikaans-roomse erediensbeginsel: "alles is toelaatbaar, solank dit nie verbied is nie." Waar het die Israeliete die 'waardering' van die 'ossewa aanbiddingsvorm' ontvang? By die Filistyne wat die ark op 'n wa vervoer het (1 Sam.6:7-12). Toe Israel hierdie heidense gebruik probeer 'verchristelik' het, en gedink het dat hul 'waardering', hul 'goeie bedoelings' God sou behaag, het God geantwoord met sy oordeel. Schwertley merk op: "Opregtheid is belangrik, maar opregtheid moet in lyn wees met goddelike openbaring. Selfs in godsdienstige sake wat vir ons klein en onbelangrik lyk, beveel God dat ons optree in lyn met sy geopenbaarde wil en nie volgens ons eie versinsels nie."[71]

Dus, God *soek* aanbidding wat deur sy bevele bepaal word, en nie ons 'goeie bedoelings' nie.

g. Eiewillige pragmatiese godsdiens (1 Samuel 13)

8 En hy het sewe dae lank gewag, tot die tyd wat Samuel bepaal het; maar toe Samuel nie na Gilgal kom nie en die manskappe van hom af verstrooid raak, 9 het Saul gesê: Bring na my die brandoffer en die dankoffers; en hy het die brandoffer geoffer. 10 En toe hy net gereed was om die brandoffer te bring, kom Samuel meteens daar aan; en Saul het uitgegaan hom tegemoet om hom te groet. 11 Daarop vra Samuel: Wat het jy gedoen? En Saul sê: Ek het gesien dat die manskappe verstrooid raak van my af; en toe u nie kom op die afgesproke tyd nie, terwyl die Filistyne in Migmas bymekaarkom, 12 het ek gesê: Nou sal die Filistyne na my toe aftrek in Gilgal, en ek het die aangesig van die HERE nie om genade gesmeek nie; daarom het ek myself sterk gehou en die brandoffer gebring. 13 Toe sê Samuel vir Saul: Jy het dwaas gehandel, jy het die gebod van die HERE jou God *wat Hy jou beveel het*, nie gehou nie; want anders sou die HERE jou koningskap oor Israel vir goed bevestig het."

---

[71] B.M. Schwertley, *Musical Instruments in the Worship of God* (Southfield: Reformed Witness, 1999), p.19. In Calvyn se preek oor 2 Sam 6:6-12, merk hy op: "Moreover, we must gather from it that none of our devotions will be accepted by God unless they are conformed to his will. This rule ruins all the man-made inventions in the papacy's so-called worship of God, which has so much pomp and foolishness. All of that is nothing but sheer trash before God, and is in fact an abomination to him. Hence, let us hold this unmistakable rule, that if we want to worship God in accordance with our own ideas, it will simply be abuse and corruption. And so, on the contrary, we must have the testimony of his will in order to follow what he commands us, and to submit to it. Now that is how the worship which we render to God will be approved" - *Sermons on 2 Samuel*, translated by D. Kelly (Edinburgh; Banner of Truth, 1992), p.246.

Saul is 'n goeie voorbeeld van pragmatiese mensgesentreerde aanbidding. Saul se besluit om die offers te bring, was gebaseer op pragmatiese redes, en nie op Goddelike openbaring nie. Samuel het hom uitdruklik meegedeel dat hy sou kom om die offers te bring (1 Sam.10:8), maar Saul het (toe die dag nog nie eers verby was nie!) die 'priesterskap' in sy eie hande geneem, en met 'goeie bedoelings' en al, die brandoffer gebring juis 'ter wille van die praktyk'. Saul se redes klink geldig: "die manskappe is besig om verstrooid te raak" en "voor die oorlog begin moet ons darem bietjie godsdiens hou of hoe ... eerder iets as niks nie!"

Ek kan vandag ook die stemme hoor: "Die Filistyne –oftewel die Nuwe Hervorming / Skrifkritiek- is op ons, moenie nou te veel 'tob' oor die erediens nie, oor wat ons sing en of ons feesdae moet vier nie! Solank ons net darem die 'wesentlike' van ons godsdiens kan behou"

Netso word daar vandag, en baiemaal in die verlede geredeneer dat ons die feesdae moet hou "want anders gaan die mense leeglê, en ons wil dit verhoed ... ons wil die dag 'positief' inklee met 'n erediens ... hoe kan iemand dit as 'n eiewillge godsdiens beskryf?", of "die kersfees word deur die 'wêreld' misbruik, daarom gaan ons dit 'christelik' hou", ens. Onder die dekmantel van pragmatiese 'godsdienstigheid' word God se bevele oortree.

Tereg sê Schwertley:

> Wanneer dit kom by die aanbidding van God moet ons doen wat Hy vra: nie meer nie maar ook nie minder nie. Alles anders is rebellie ... In die bybelse Christendom regverdig die doel nooit die ongeoorloofde middele nie.[72]

Saul se valse aanbidding kom ook na vore in sy ongehoorsaamheid in 1 Samuel 15. Hy moes die Amalekiete en hul besittings totaal vernietig, maar intussen het hy koning Agag se lewe asook sekere veediere se lewens gespaar. Sy motief? Wou hy 'n ander god dien of afgodery invoer? Nee, hy verduidelik sy handeling juis as volg: 'want die manskappe het die beste kleinvee en beeste gespaar *om aan die HERE te offer*' (v.15). Wat 'n edele motief sou ons sê ...

---

[72] Ibid., p.23. "See what excuses (Saul) made, v. 11, 12. He would have this act of disobedience pass, [1.] For an instance of his prudence. The people were most of them scattered from him, and he had no other way than this to keep those with him that remained and to prevent their deserting too. If Samuel neglected the public concerns, he would not. [2.] For an instance of his piety. He would be thought very devout, and in great care not to engage the Philistines till he had by prayer and sacrifice engaged God on his side: *"The Philistines,"* said he, *"will come down upon me, before I have made my supplication to the Lord,* and then I am undone. What! go to war before I have said my prayers!" Thus he covered his disobedience to God's command with a pretence of concern for God's favour." – Matthew Henry's Commentary on the Whole Bible.

dit is mos 'tot eer van God' wat hy dit doen, of hoe? Wat is Samuel se reaksie op Saul se mengelmoes aanbidding? Mooi so getroue dienskneg ... ek is seker die HERE 'waardeer' die eie iniasitief wat jy geneem het om die erediens aan Hom te verryk met jou vindingrykheid!

Nee, sê die profeet van God, as hy antwoord:

> Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme. [23] Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is *afgodery en beeldediens*. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.

Saul het daarop aanspraak gemaak dat hy die ware enigste God reg dien en aanbid, met sy goeie bedoelings en motiewe as grondslag. Samuel beskryf dit nie as 'n 'aanbiddingsverskil' of 'n alternatiewe vorm van aanbidding nie, maar as sonde ... die 'sonde van waarsêery, en eiesinnigheid' wat niks anders as 'afgodery en beeldediens' is.

Dus, ons –ja, ook ons wat hier saam is vandag- kan verval in afgodery, in die oortreding van die tweede gebod, in eiewillige godsdiens, indien ons die inhoud van ons erediens laat bepaal deur ons 'goeie bedoelings' en ons 'goeddunke', wat nog altyd bevlek is met die sonde. Ongelukkig het ons voorvaders, en ek sê dit met die grootste respek en erkenning vir hulle wat ons voorgegaan het, baiemaal van die "beste feesdae en gesange van Rome gespaar om aan die HERE te offer" ... tot vandag toe, iets waarmee ons –glo ek- sal moet breek, radikaal.

Saul antwoord vir Samuel: "Ek het gesondig, omdat ek *die bevel van die HERE* en u woorde oortree het, *want* ek was bevrees vir die manskappe en het na hulle geluister" (v.24).

Moet ons nie maar erken dat ons ook soos Saul is nie? Ons weet daar is geen bevel vir baie instellings wat ons in ons kerke handhaaf nie, maar omdat ons mense vrees, omdat ons die tradisie, geskrifte van mense, gewoonte, groot getalle, oudheid, opvolging van tye en persone en kerkvergaderings, verordeninge, besluite "met die waarheid van God gelykstel" (NGB artikel 7), daarom wil ons nie breek met dit wat God nie beveel het nie. Ons is bang ons gaan gemeentelede verloor of familie en vriende, as ons breek met dit wat God nie beveel nie.

Dus, enige erediens wat God nie beveel nie, is 'afgodery en beeldediens.'

h. Eie feesdae (1 Konings 12)

" [33] En hy het geklim op die altaar wat hy in Bet-el gemaak het, op die vyftiende dag in die agtste maand, *in die maand wat hy uit sy eie hart versin het, en vir die kinders van Israel 'n fees ingestel* en op die altaar geklim om offerrook te laat opgaan."

Jerobeam het gedink dat omdat hy die koning is van die Noordelike ryk, hy ook nuwe godsdienstige seremonies en handelinge kon instel. Hy het die volgende eiewillige aanbidding ingestel:

i. hy het twee nuwe tempels opgerig in Bet-el en Dan (1 Kon.12:27-29), om Jerusalem se tempel te vervang, die plek wat die HERE beveel het (Deut.12:5)

ii. hy het 'n nuwe 'aanbiddingstyl' ingevoer, soort gelyk as dié van Exodus 32, nl. 'twee goue kalwe' (v.28). Soos in Ex.32, het hul God 'deur' die kalwers probeer aanbid, tot 'sy eer' (Ex.32:5b)

iii. Jerobeam het ook die 'ampte' oopgestel vir die publiek: "en (hy het) priesters aangestel uit al die dele van die volk wat nie uit die seuns van Levi was nie' (v.31).

iv. hy het ook sy eie heilige dae op sy eie tye ingestel 'wat hy uit sy eie hart versin het, en vir die kinders van Israel 'n fees ingestel' het. Volgens Schwertley het Jerobeam die fees van die tabernakels geneem, en die datum verskuif vanaf die 15de dag van die 7de maand, na die 15de van die 8ste maand.[73] Deur Jerobeam se eiewillige godsdiens, het hy die paradigma daargestel vir die afgodery en sinkretisme wat sou volg in Israel se geskiedenis, totdat hul weggevoer is in ballingskap. Dit bevestig net weereens die feit dat sodra 'n sekere element eers in die erediens ingevoer is, hoe moeilik dit is om dit weer uit te weer. Jerobeam se eiewillige aanbidding het begin met die woorde van 1 Konings 12:26 "En Jerobeam het *in sy hart* gesê ..."

Dus, alle valse aanbidding vind sy ontstaan in die mens se bose hart (Matt.15:19) en is nie 'in gees en waarheid' nie. God *soek* nie hierdie soort van aanbidding nie.

[73] Ibid., p.26.

i. Afvalligheid van 'n koning (2 Kronieke 26)

"16 Maar toe hy sterk geword het, was sy hart hoogmoedig, sodat hy baie verkeerd gedoen en ontrou gehandel het teen die HERE sy God; want hy het in die tempel van die HERE gegaan om offerrook te laat opgaan op die reukaltaar. 17 Maar die priester Asárja het hom gevolg en tagtig priesters van die HERE, flukse manne, saam met hom, 18 en teen koning Ussía opgetree en aan hom gesê: Dit kom u nie toe, Ussía, om vir die HERE offerrook te laat opgaan nie, maar aan die priesters, seuns van Aäron, wat geheilig is om te offer. Gaan uit die heiligdom uit, want u het ontrou gehandel, en dit sal u van die kant van die HERE God nie tot eer strek nie."

Ons lees in 2 Kronieke 26 van koning Ussia van die suidelike ryk Juda, in die eerste helfte van die 8ste eeu voor Christus. Militêr, polities en ekonomies was hy baie suksesvol. Ja, ons lees in vers 5 dat "in die dae dat hy die HERE gesoek het, het God hom voorspoedig gemaak". Ussia is op die troon van Dawid, en daar is hoop vir die toekoms ... of so lyk dit. In vers 16 lees ons egter dat "sy hart hoogmoedig" in hom geword het en hy verkeerd en ontrou gehandel het teen die HERE sy God, sodat die HERE hom streng geoordeel het. Wat het Ussia verkeerd gedoen? Het hy God gevloek, ander afgode ingevoer, begin moor en steel, vir hom vreemde vrouens geneem? .... Nee, daar staan in vers 16: "hy het in die tempel gegaan om offerrook te laat opgaan op die reukaltaar". Ons eerste reaksie is dalk: "Maar hy wou dan 'n goeie werk doen, hy wou die Here vereer met 'n offer?" Die priester Asarja en die 80 priesters vermaan hom egter met die woorde:

> Dit kom u nie toe nie ... maar aan die priesters, seuns van Aaron, wat **geheilig** is om te offer (v.18).

Ussia word woedend en verwerp die vermaning tot bekering, en toe het "die HERE hom aangetas" met melaats. Hy verlaat vinnig, in skaamte, die tempel. Die eens magtige koning Ussia, wat 'n halwe eeu suksesvol geregeer het, sterf as melaatse, onheilig, uitgesluit van die 'huis van die HERE" (v.21). Ussia het die heilige God op 'n onheilige manier probeer dien, in onwaarheid en met 'n verkeerde gees, 'n hoogmoedige gees. God het deur die wet van Moses, beveel dat die priesters die offers sou bring in die tempel (sien Num.16:40; 18:7; Ex.30:7,8), iets waarvoor hul spesifiek geheilig, d.w.s. afgesonder is. Dus, ongeag al koning Ussia se goeie politieke en ekonomiese hervormings in Juda, het sy eiewillige godsdiens nie tot eer van God gestrek nie (2 Kron.26:18), en is hy as onheilige uit die tempel van God verwyder.

Sodoende het Ussia dieselfde onheilige weg bewandel as die volk wat God deur die goue kalf probeer dien het in die woestyn (Ex.32), Nadab en Abihu wat vreemde vuur aan God ge-offer het (Lev.10), Ussa wat na die ark gegryp het toe die osse gestruikel het (2 Sam.6), Saul wat nie God se spesifieke bevele wou uitvoer nie (1 Sam.13:13-15; 15:22, 23).

Hulle het almal God probeer dien volgens hul eie menings, volgens hul eie goeie bedoelings, en nie –soos ons leer in HK, Sondag 35, oor die Tweede Gebod: "dat ons God op geen ander manier moet vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie." (HK, v&96).

Dus, God soek dat ook in die ampte wat Hy daarstel, ons Hom sal dien volgens sy bevele, in gees en waarheid.

j. Mensgesentreerde aanbidding (Jeremia 7 en 19)

"23 Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: Luister na my stem, dan sal Ek vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees; en wandel net in die weg *wat Ek julle beveel*, dat dit met julle goed kan gaan. 24 Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar gewandel in wat hulle in die verharding van hul bose hart beraadslaag het, en hulle het agteruitgegaan en nie vooruit nie. ... 30 Want die kinders van Juda het gedoen wat verkeerd is in my oë, spreek die HERE. Hulle het hul verfoeisels gesit in die huis waaroor my Naam uitgeroep is, om dit te verontreinig. 31 En hulle het die hoogtes van Tofet gebou wat in die dal van die seun van Hinnom is, om hulle seuns en hulle dogters met vuur te verbrand - *iets wat Ek nie beveel het nie en in my hart nie opgekom het nie*."

Hier word die regulerende beginsel van aanbidding positief en negatief gestel: 'wat Ek julle beveel' en 'iets wat Ek nie beveel het nie'.[74] In Calvyn se kommentaar op die frase 'wat Ek nie

[74] Let us therefore learn ever to regard what God approves: and let this be the very beginning of our inquiry, whenever we undertake anything, whether God commands it ('in waarheid' – aanbidding); and this course ought especially to be observed with regard to his worship; for, as it has been already stated, religion is especially founded on faith ('in gees' – aanbidding), and faith is based on the word of God: and hence it is here added — *Which I commanded them not, and which never came to my mind.* This reason ought to be carefully noticed, for God here cuts off from men every occasion for making evasions, since he condemns by this one phrase, "I have not commanded them," whatever the Jews devised. There is then no other argument needed to condemn superstitions, than that they are not commanded by God: for when men allow themselves to worship God according to their own fancies, and attend not to his commands, they pervert true religion. And if **this principle** was adopted by the Papists, all those fictitious modes of worship, in which they absurdly exercise themselves, would fall to the ground. It is indeed a horrible thing for the Papists to seek to discharge their duties towards God by performing their own superstitions. There is an immense number of them, as it is well known, and as it manifestly appears. Were they to admit **this principle**, that we cannot rightly worship God except by obeying his word, they would be delivered from their deep abyss of error. The Prophet's words then are very important, when he says, that God had *commanded* no such thing, and that it never came to his mind; as though he had said, that

beveel het nie', blyk dit duidelik dat hy hier 'n 'beginsel' aangaande die erediens erken en bely, nl. as die HERE dit nie beveel nie is dit verbode. Netsoos Calvyn hier die beginsel handhaaf dat ons aanbidding 'in waarheid', d.w.s. volgens die bevele van God sal wees; netso lê hy in dieselfde hoofstuk, in sy kommentaar op vers 23, 24 netso sterk klem daarop dat ons aanbidding ook 'in gees', d.w.s. uit die geloof in 'n opregte hart sal wees. Met verwysing na die volk wat al die offers gebring het, maar nie met die hart, d.w.s. uit 'n ware geloof nie, skryf hy:

> Ons weet dat dit God se wil van die begin af was om in 'n geestelike manier aanbid te word, en Hy het nie sy natuur in ons dag verander nie. Soos toe, keur Hy (vandag) niks anders as geestelike aanbidding goed nie, omdat Hy 'n Gees is (Joh.4:24). So ook moes Hy onder die Wet (OT) aanbid word met 'n opregte hart … Ons moet daarom met spesiale aandag kennis neem van hierdie leerstuk – dat God geestelike aanbidding so goedkeur, dat Hy daarmee in vergelyking niks anders waardig ag nie, wat dus nie gekoppel is aan die opregtheid van hart nie.

Ons moet daarom, juis vandag, pasop dat ons so betrokke raak in die –soos die engelse sê 'worship wars'- dat ons God later nie meer aanbid uit 'n opregte dankbare hart nie, maar uit bitterheid en woede vir ons teenstanders. Dan raak ons godsdiens, netsoos die eiewillge

godsdiens, nutteloos! Daarom eis God van ons om Hom alleen volgens Sy bevele te dien uit 'n opregte hart, deur die geloof alleen, tot sy eer! Niks meer nie, maar ook niks minder nie!

Ook in Jeremia se prediking word hy opgeroep om alleen God se Woord te bring en niks anders nie:

> Gaan staan in die voorhof van die huis van die HERE, en spreek tot al die stede van Juda wat kom om te aanbid in die huis van die HERE, *al die woorde wat Ek jou beveel het om aan hulle te sê; laat geen woord weg nie,*" (26:2) ... wat hy dan ook gehoorsaam het, ongeag die gevolge! - "En toe Jeremia klaar gespreek het *alles wat die HERE beveel het* om aan die hele volk te sê, het die priesters en die profete en die hele volk hom gegryp en gesê: Jy moet sekerlik sterwe! (26:8).

---

men assume too much wisdom, when they devise what he never required, nay, what he never knew. It is indeed certain, that there was nothing hid from God, even before it was done: but God here assumes the character of man, as though he had said, that what the Jews devised was unknown to him, as his own law was sufficient. – Calvyn se kommentaar op Jer.7:31b.

Is dit nie juis omdat ons die Woord nie meer verkondig as 'n tweesnydende swaard nie, dat mense soek na 'tekens en wonders' en na 'beelde en prentjies' om hul eredienste op te kikker nie? Dit is juis in kerke waar die Woord nie meer sentraal staan nie, nie gehoorsaam en uitgeleef word nie, waar die 'beeldediens' begin oorneem.

Dus, ook vir die prediking geld die beginsel dat ons niks meer sal verkondig as wat daar staan nie, maar –veral- ook niks minder nie. Veral ons predikers moet daarvoor pasop dat ons nie vir ons gemeentes 'n 'eiewillige godsdiens' daar te stel nie.

Dus, uit die getuienis van die Ou Testament is dit duidelik dat God aanbid wil word volgens sy bevele, uit 'n opregte hart, deur die geloof tot sy eer.

Dus, stelling 5: God *soek* nog altyd ware aanbidders wat Hom aanbid in gees en waarheid.

Baie mense wat egter smoorverlief is op hul eiewillige erediens probeer dan die regulerende beginsel afmaak as 'ou testamenties' en dus verby, met die leuse: 'in Christus is ons nou volwasse en vry om self inhoud aan die erediens en aanbidding te gee'. Is dit waar? Ek glo die Nuwe Testament, in lyn met die Ou Testament leer heel anders.

NUWE TESTAMENT OPENBARING

3.6 Christus bevestig en handhaaf ware aanbidding (Joh. 4: 21 en 23)
"Jesus sê vir haar: Vrou, glo My, *daar kom 'n uur* wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie. … *Maar daar kom 'n uur, en dit is nou*, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid."

Dit is duidelik in Christus se antwoord aan die vrou dat daar definitief sekere verskille ingetree het met die koms van Christus, wat die leer aangaande aanbidding betref.[75] In Joh.4 gaan dit

[75] Die volgende woorde word meestal in die NT gebruik om aanbidding te beskryf: προσκυνέω (proskuneoo), wat beteken 'om neer te val, om jouself te buig, te aanbid op jou knieë, om hulde te bring'; latreia (latreia) wat verwys na die mens se aanbidding van God deur gebed en lof; en sebw (seboo) wat spesifiek die houding of gesindheid van die aanbidders aandui, G. Hill & G.L. Archer, *The Discovery Bible* (Winona Lake: BMH Books, 1987), p.546.

spesifiek oor die 'plek' van aanbidding wat verander, vanaf Jerusalem/Israel, na regoor die wêreld, op elke plek (Rom10:18).

Die wese van aanbidding, nl. 'in gees en waarheid' bly egter dieselfde, soos Calvyn dit stel in sy kommentaar op Joh.4:23:

> Wanneer Hy sê 'daar kom 'n uur en dit is nou', dan maak Hy 'n einde aan alle seremonies, en verklaar dat die tyd van reformasie, waarvan die Apostel spreek (Hebrews 9:10,) dus vervul is. … God … het van die begin van die wêreld geen ander aanbidding goedgekeur as geestelike aanbidding nie, wat volgens sy natuur is … (Ps.50; Jes.1, 58, 66; Miga 5; Amos 7). Maar terwyl die aanbidding van God onder die Wet geestelik was, was dit omring met soveel verskeie uiterlike seremonies, dat dit iets vleesliks en aards voorgestel het. Vir hierdie rede het Paulus die seremonies vleeslik en *die swakke en armoedige eerste beginsels* genoem (Gal.4:9.). Op dieselfde wyse het die skrywer van die Brief aan die Hebreers gesê die antieke heiligdom, met sy erediens, was *aards* (Hebr.9:1.) Daarom moet ons sê dat die aanbidding/erediens van die Wet geestelik in *inhoud* was, maar wat die *vorm* betref was dit aards en vleeslik; want die hele (OT) bedeling wat in skaduwees bestaan het, se werklikheid is nou vervul (in Christus).

Dit is dan ook wat ons bely in artikel 25 van die Nederlandse Geloofsbelydenis:

> Ons glo dat die seremonies en heenwysings van die wet met die koms van Christus opgehou het en dat alle voorafskaduwing tot 'n einde gekom het. Die gebruik daarvan moet derhalwe onder die Christene afgeskaf word. Die *waarheid en inhoud* daarvan bly nogtans vir ons in Christus Jesus bestaan: in Hom het hierdie seremonies en heenwysings juis hulle vervulling. Ons gaan ook nog voort om die getuienisse van die wet en die profete te gebruik om ons in die evangelie te bevestig *en ook om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens sy wil in te rig.*

Dus, die vorm van die OT erediens is vervul, die seremonies, feesdae, ens., maar die waarheid en inhoud bly. Christus bevestig dit as Hy sê dat die ware aanbidders God 'in gees en waarheid' moet aanbid in die nuwe bedeling, dus dit geld vir alle tye en plekke.

Die Nuwe Testament leer dit ook vir ons op verskeie plekke, dat ons God moet aanbid volgens sy bevele, deur die geloof, uit 'n opregte hart:

a. Jesus en aanbidding (Mattheus 15)

"TOE kom daar skrifgeleerdes en Fariseërs van Jerusalem na Jesus en sê: 2 Waarom oortree u dissipels die oorlewering van die ou mense? Want hulle was nie hul hande as hulle brood eet nie. 3 Maar Hy antwoord en sê vir hulle: Waarom oortree julle ook die gebod van God ter wille van julle oorlewering? ... 7 Geveinsdes, tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het: 8 Hierdie volk nader My met hulle mond en eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af 9 Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is."

Hier is 'n goeie voorbeeld van valse aanbidding. *Eerstens*, was dit nie aanbidding 'in gees' nie, aangesien die Fariseërs se aanbidding net uiterlik was en nie van harte nie (v.7,8). *Tweedens*, was dit nie aanbidding 'in waarheid' nie, aangesien hul God probeer vereer het deur 'gebooie van mense', en nie volgens God se bevele nie.

Daarom sê Christus ook vir hulle: "Waarom oortree julle ook die gebod van God ter wille van julle oorlewering" (v.3,6). En hoe het hul dit gedoen? Deur seremoniële wassinge by te voeg wat God nie beveel het nie (v.2). Hier is Christus juis die kampioen van die regulerende beginsel en handhaaf hy dit teenoor alle eiewillige godsdiens wat wil byvoeg, daar waar God nie iets beveel het nie (Deut.4:2; 12:32).[76]

b. Die Groot Opdrag en aanbidding (Mattheus 28)

"19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou *wat Ek julle beveel het*."

Hier bepaal en beperk Christus die ampte van die kerk tot dit wat Hy beveel het, niks meer nie en niks minder nie. Die kerk van Christus mag in leer, (ere)diens en tug (regering) slegs optree volgens God se bevel, en nie volgens menslike goeddunke nie. In NGB artikel 32 word dit as volg verwoord:

---

[76] "But Christ has faithfully and accurately given the meaning, that *in vain is God worshipped,* when the will of men is substituted in the room of doctrine. By these words, all kinds of *will-worship,* (*ethelogescheia*) as Paul calls it, (Colossians 2:23,) are plainly condemned. For, as we have said, since God chooses to be worshipped in no other way than according to his own appointment, he cannot endure new modes of worship to be devised. As soon as men allow themselves to wander beyond the limits of the Word of God, the more labor and anxiety they display in worshipping him, the heavier is the condemnation which they draw down upon themselves; for by such inventions religion is dishonored." – Calvyn op Matt.15:9

> Ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir *ons ingestel het nie*. En daarom verwerp ons alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou wou invoer om God te dien en om, *op watter manier ook al*, die gewetens daardeur te bind en te dwing. Ons aanvaar derhalwe *slegs* wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou. Daarvoor is nodig die ban en alles wat daarmee saamhang, toegepas *ooreenkomstig* die Woord van God.

Dus, slegs wat Christus vir ons ingestel het, in lyn met die Ou Testament (Matt.5:17-19) moet in die erediens en ons aanbidding gehandhaaf word. Volgens NGB artikel 32 moet ons alle menslike versinsels en wette verwerp opsigself 'en' enige manier waarop gewetens gebind of gedwing word in die erediens aan God.

Volgens hierdie artikel kan 'n kerkraad nie die verskoning gebruik 'ons bind niemand nie', as hulle 'n sekere feesdag hou of sekere liedere sing (wat hul baiemaal self erken God nie beveel het nie!). Ons sal opnuut aandag moet gee aan o.a. die 'vryheids'-artikels, nl. 67 en 69 van die Dordtse K.O. soos wat dit vandag geskrywe staan en verstaan word.[77] Ons sal moet vra of 'n sinode of kerkraad (of enige ander persoon of instansie) wel die magtiging het om:

a. iets te *verbied* wat die HERE beveel het?
b. iets te *gebied* wat die HERE nie beveel het nie?

Verder wil artikel 32 ook vir ons wys dat ons 'slegs' dit sal handhaaf in die erediens wat 'eendrag en eenheid' bewaar en bevorder, en wat kan dit anders wees as slegs God se bevele? Dit is juis wanneer ons begin met Christus plus, of die Skrif plus, ware aanbidding plus ... dat die onenigheid en onrus in gemeentes gestook word.

Christus leer dus duidelik dat die wil van God, en nie die wil van die mense nie, ons aanbidding erediens moet bepaal, ook in die NT tye.

---

[77] Artikels 67 en 69 het die volgende byvoegings "... word aan *die vryheid* van die kerk oorgelaat."

c. Eiewillige godsdiens (Kolossense 2)

"[16] Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, [17] wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus."

Die skaduwees van die OT, die feesdae en seremonies is vervul in die inhoud, nl. Christus en wat Hy openbaar. Dit is juis menslike redenasies en filosofieë wat nog –al is dit in 'n 'verchristelike vorm' – wil probeer handhaaf. Paulus waarsku ons daarteen:

> Pas op dat niemand julle as 'n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, *volgens die oorlewering van die mense*, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie (2:8).

Juis daarom verwerp Paulus enige aanbidding wat nie 'in waarheid' is nie, maar gebaseer is op die tradisies en gebooie van mense:

> [20] As julle dan saam met Christus die eerste beginsels van die wêreld afgesterf het, waarom is julle, asof julle nog in die wêreld lewe, onderworpe aan insettinge [21] soos: raak nie, smaak nie, roer nie aan nie? - [22] almal dinge wat deur die gebruik bestem is om te vergaan - *volgens die gebooie en leringe van mense*, [23] wat, alhoewel dit 'n skyn van wysheid het, in *eiesinnige* godsdiens en nederigheid en in gestrengheid teen die liggaam, geen waarde het nie, maar strek tot versadiging van die vlees.

Die Griekse woord vir 'eiesinnige godsdiens' is *ethelothreskeia*,[78] wat wys op aanbidding wat sy oorsprong in die mens het.[79] Paulus beskryf eiewillige godsdiens as van 'geen waarde' nie (wat ons menslike 'waarderings' insluit), en dat dit mensgesentreerd is.

In eiewillige aanbidding staan die mens se gevoelens en 'nederigheid' sentraal, nie God se bevel, wil en eer nie.

---

[78] ἐθελοθρησκεία

[79] Schwertley, *ibid.*, p.33.

d. Die leer, (ere)diens en regering van die kerk (die Pastorale Briewe)

"Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid." (1 Tim.3:15)

Deur al sy briewe, as gesant van God, maar veral deur die pastorale briewe gee Paulus die bevele van God aan die gemeentes, hoe hul die Here moet dien en eer, in die NT tydperk. Paulus wys vir Timoteus daarop dat 'dit noodsaaklik is' (*dei*) vir iemand om hom te gedra - en te weet *hoe* om hom te gedra (op te tree) - in die huis van God. Dus, nie 'n 'middelmatige saak' nie, maar 'n beginselsaak.

En hierdie 'weet' (*oida*) se bron is spesifiek wat Paulus geskryf het deur die Gees,[80] maar ook die hele skriftelike openbaring van God, wat 'n 'betroubare woord' is (1 Tim.1:15; 3:1; 4:9; Tit.3:8).

God se Woord is genoegsaam vir ons verlossingsleer (2 Tim.3:15) en vir 'elke goeie werk van die gelowige', dus ook sy erediens aan en aanbidding van God (2 Tim.3:17-4:5),[81] soos blyk uit die inhoud van die pastorale briewe. In die Skrif, spesifiek hier in die briewe, word die vereistes van die ampte genoegsaam geopenbaar. Ons mag nie meer vereistes daarstel nie, maar veral, ook nie minder nie (Deut.4:2). Die rol van die vrou word genoegsaam geopenbaar, asook ander beginselsake aangaande die erediens. God se bevele, nie die tydsgees nie, bepaal die ampte. Ons moet ons onttrek wanneer "iemand iets anders leer en instem met die gesonde woorde (die woorde wat Hy *beveel* het, Matt.28:19 – SLC) van onse Here Jesus Christus nie ..." (1 Tim.6:3). Dit is, ja "Dit is 'n betroubare woord en werd om *ten volle* aangeneem te word" (1 Tim.1:15), ook vir die erediens.

Dus, die pastorale briewe, in lyn met die res van die Skrif leer ons genoegsaam hoe om die Here te aanbid en ons erediens in te rig, soos Hy beveel volgens sy betroubare Woord, deur die krag van die Gees, daarom is dit ons taak, veral die predikante en ouderlinge, maar ook die diakens en alle lidmate, om vandag se 'aanbiddingsverskille' te benader volgens die beveel van God deur Paulus:

---

[80] Wat God Hom beveel het, 1 Tim.1:1: '... volgens die bevel van God ...'; sien die verhouding tussen 1 Kor.7:10 én 40.

[81] 2 Tim.3:17 is 'n skrifbewys by NGB artikel 7, wat handel oor die 'genoegsaamheid' van die Skrif aangaande wat ons moet 'glo' en die hele wyse waarop God deur ons aanbidding wil word, d.w.s. ons erediens aan Hom.

> Lê daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid regsny ... Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening. – 2 Tim.2;15, 4:1-5.

e. 'n Kort uiteensetting van die NT erediens

Die regulerende beginsel verstaan dat die 'bevel of voorskrif van God', soos volg gevind word in die Skrif: eksplisiete bevel, historiese voorbeeld of deur logiese afleiding. Dit word as volg verwoord deur o.a. die Westminster Konfessie I:6,

> Die volle raad van God met betrekking tot alle dinge wat nodig is vir Sy heerlikheid, die saligheid van die mens, en die geloof en lewe*, is uitdruklik opgeteken in die Skrif, of mag van die Skrif afgelei word*, *deur 'n goeie en noodsaaklike gevolgtrekking*, waarin niks te eniger tyd bygevoeg mag word nie, of dit nou nuwe openbarings van die Gees of tradisie van mense is nie.

Elke *element* van die erediens (bv. prediking, voorlesing, samekoms op 'n Sondag, sakramente bedien, gebed, psalms sing, ens.) moet daarom 'n *bevel* hê, terwyl die *omstandighede* waarin dit moet plaasvind sal verskil van plek en tyd, en daarom kan ons spesifieke afleidings maak o.g.v. die algemene beginsels van die Skrif (bv. hoe laat kom ons bymekaar, die struktuur/gebou waarin die erediens plaasvind, watter soort banke, een of drie maal besprenkel by die doop, hoeveel tafels by die nagmaal, ens.).

Laasgenoemde, d.w.s. die 'omstandighede' van die erediens, moet beskou word as wat ons noem 'middelmatige sake', en sluit nie 'die elemente' van die eredienste in nie. [82]

---

[82] Die Westminster stel die kwessie oor die 'omstandighede' van die erediens as volg: "… en dat daar sekere *omstandighede* is betreffende die erediens aan God en die regering van die Kerk, gemeenskaplik met menslike handelinge en die gemeenskappe wat deur die natuurlike lig en Christelike versigtigheid bepaal moet word, volgens die algemene maatstaf van die Woord wat altyd in ag geneem moet word."

Die 'omstandighede' van die erediens moet gedoen word, maar die praktiese uitvoering kan verskil van gemeente tot gemeente in lyn met die algemene maatstaf van die Skrif.

Dit is wat dan ook bedoel word met die volgende woorde van NGB artikel 32:

> Ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar *'n bepaalde orde* tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf ...

Volgense Engelsma bely Gereformeerde Kerke die regulerende *beginsel* van die erediens deur antwoord 96 van die HK ("Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie"), en word die *elemente* van die erediens saamgevat in vraag en antwoord 103 van die HK:

> die voorlesing en verkondiging van die Woord; bediening van die sakramente; gebed en sang en dankoffers.[83]
>
> Vraag 103: Wat *gebied* God in die vierde gebod ?
> Antwoord: God wil ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word. Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep en die Christelike liefdegawes te gee. Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bose
>
> werke rus en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe.

T. David Gordon wys daarop dat Gereformeerde aanbidding erken die volgende vier kategorieë wat in ag geneem word by die inrigting van die erediens, wat ons ook kan help in verdere besinning:[84]

- 'n 'element' (ook genoem 'wyse' of 'inhoud') van aanbidding, wat sake soos gebed, sang, bediening van die Woord en sakramente, ens., insluit. Die Skrif reguleer dit deurdat daar 'n bevel voor moet wees.

---

[83] Ibid., p.14.
[84] The Westminster Assembly's Unworkable and Unscriptural view of Worship?, *Westminster Theological Journal,* 65 (2003): 345-56.

- 'Omstandighede' van aanbidding, wat nie godsdienstig opsigself is nie, soos beskryf deur Westminster Konfessie (1:6):

> "en dat daar sekere omstandighede is betreffende die aanbidding van God en die regering van die Kerk, gemeenskaplik met menslike handelinge en gemeenskappe wat deur die natuurlike lig en Christelike versigtigheid bepaal word, volgens die algemene maatstaf van die Woord wat altyd in ag geneem moet word," bv. tyd en plek van aanbidding, sitplekke, luidsprekers, ens.

- 'Vorm' van aanbidding, wat die inhoud van 'n bepaalde gegewe element is, bv. om die onse Vader te bid of 'n vrye gebed, Ps.1 of Ps.110 te sing, ens.

Dit word bepaal deur na die hele Skrif te kyk en daaruit en daarvolgens te gebruik wat benodig word vir die spesifieke diens.

- 'Rubiek of afdeling' van aanbidding, bv. om te sit of staan tydens gebed, die brood voor of tydens die Nagmaal te breek, ens.

In lyn met al drie bogenoemde faktore, moet bepaal word wat die mees eerbare opbouende en toepaslike manier sal wees om 'n bepaalde element uit te voer.

f) Skema wat die elemente van 'n NT erediens uiteensit:[85]

<u>Skema</u> : *Bybelse en Konfessionele verwysings vir die elemente van Aanbidding soos beveel deur God*

Element	**Bybelteks***	**NGB** (Artikel)**	**HK*** (V&A)**	**Dordtse Leerreëls**	**Westminster Konfessie**
Samekoms op die Here se Dag	Deut12:5-12; Ps 40:9-10, 68:26; Ha 2: 42-	35	92 103		21:7 21:8

[85] H. Sikkema, *Understanding the Scriptural Principle of Worship* (internet artikel); Schwertley, *ibid.*, p.36,37.

	47; Heb 10:23-25; Op 1:10; Ex 20: 8, 10-11; Jes 56: 2,4, 6,7; Ha 20:7, 1Kor 16:2, 11:18				
Gebed	1Tim 2:1-8; Ps 65:2; Fil 4:6; Matt 6:9; 1Thess 5:17; Heb 13:18; Jak 1:5; 1Kor 11:13-15	6, 26 31, 36	99, 103, 116-119	5:2,12 5:RE:4,6	21:3 21:4
Skriflesing	1Thess 5:27; 1Tim 4:13; 2Tim 3:16; Mark 4:16-20	6		5:14	21:5
Verkondiging en aanhoor van God se Woord	Rom 10:13-17; 2Tim 4:1-2,13; 1Kor 14:26-33; Luk 2:46, 4:20; Ha 8:31 17:10, 20:8-9; Jak 1:22; Matt 26:13; Ha 9:20;	7, 11, 29, 30, 32, 36	65, 83, 84, 98 103 ,115	1:3,12 1:RE:9 3/4:11 5:14	14:1 21:5

	Gal 1:8; 1Tim 3:15; Luk 1:2,10:16; Heb 6:4-5; 1Kor 2:10-14				
Psalmsang	Kol 3:16; Ef 5:19-20; 1Kron 16:9; Ps 95:1-2, 105:2; 1Kor 14:26		103		21:5
Bediening van die twee sakramente	Matt 28:19-20,26:26-29; 1Kor 11:23-29; Ha 19:3-5	9, 15, 29, 30, 33, 34, 35	68-88 103	1:17 5:15	14:1;21:5 27:4;28:1 29:1
Dankoffers	1Kor 16:1-2, 9:11-14; 2Kor 8,9; Ps 50:14 Ha 6:1-4; Tit 1:7-9; Ef 4: 15, 16; 1Kor 12:7; Ha 2:44-45, 11:29-30; Kol 2:19; 1Joh 3:17	30	103		26:1 26:2

* daar kan ook ander tekste wees ** Nederlandse Geloofsbelydenis

*** Heidelbergse Kategismus

Dus, Christus en die openbaring van Nuwe Testament bevestig dat die aanbidding van God 'n wesentlike saak is, 'n aanbidding wat in gees en waarheid moet plaasvind.

3.7 Ons word verlos om te aanbid (v.25 en 26)

"Die vrou sê vir Hom: *Ek weet dat die Messías kom, Hy wat Christus genoem word*. Wanneer Hy kom, *sal Hy ons alles verkondig*. Jesus sê vir haar*: Dit is Ek* wat met jou spreek!"

Jesus Christus is die antwoord op al ons vraagstukke. In Joh.4 is Hy as Persoon die antwoord op die Samaritaanse vrou se verlossingsvraagstuk (4:10-14), haar morele vraagstuk (4:16-18) en haar aanbiddingsvraagstuk (4:19-24), en, dank God! ... netso vir ons!

God plaas die mens in die tuin om Hom te dien en te aanbid (Gen.2:15) in alles wat hy doen. Hy verlos Israel uit Egipte, uit die huis van sonde en slawerny, met die doel om Hom te aanbid en dien as 'n heilige volk (Ex.20:1-5ev). So ook vir al sy ware aanbidders in die verlede, vandag en in die toekoms. Dit het Hy gedoen deur die volmaakte offer, die volmaakte erediens van Christus: "Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal" (Hebr.7;27; 10:10), sodat ons ook van sonde en slawerny aan menslike insettinge en verordeninge bevry kan word, om Hom alleen te dien 'in gees en waarheid', d.w.s. uit 'n opregte ware geloof volgens God se Woord.

Hy het juis gekom sodat ons verlos kan word van ons sondes, ook ons sondes van valse aanbidding na die vlees in onwaarheid. Hy het gekom sodat ons kan weet wat die waarheid is, in beide verlossing en aanbidding (1 Joh.5:20):

> En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe.

En daarom moet ons erken dat uit onsself is ons eerstens nie instaat om onsself te verlos nie, maar ook nie instaat om God te aanbid 'in gees en waarheid' nie. Christus is die "Heilige wat gebore" is in Bethlehem (Luk.1:35), die enigste Een wat sondeloos voor die Heilige van Israel kon verskyn, om volkome versoening vir sy kinders te volbring. Hy wat Jesaja reeds gesien sit het op sy verhewe troon as Koning (Jes.6:1; cf. Joh.12:37-50), moes mens word en buite die

tempel – as onheilige in ons plek-, die volkome offer bring "om die volk deur sy eie bloed te heilig". Dit doen Hy sodat sy kinders nooit soos Ussia, buite die tempel, buite die Heilige van Israel se teenwoordigheid ooit sal wees nie (Hebr.13:12-15). Deur sy verdienste, kan ons die Vader aanbid volgens die ware aanbidding wat die Vader 'soek', nl. 'in gees en waarheid' (4:23)!

Dit is in Jesus Christus, waar die heiligheid van God sy hoogtepunt en mees volkome openbaring vind. Die koms van Christus vervang nie die heilige aanbidding van God nie, maar handhaaf en bevestig dit. Ons mag nie sê: "ag, ons is nou vry om die Here te dien en te aanbid soos ons wil nie, want Jesus het mos nou gekom ..." Nee, God se heiligheid is so belangrik, dat Christus sy Vader se heilige wet gehoorsaam tot die dood toe aan die kruis. Ons durf nie 'n goedkoop onheilige evangelie en onheilige erediens verkondig nie. Hy wat Heilig is, het onder ons, die onheiliges / die valse aanbidders kom woon, om ons heilig te maak, sodat ons Hom 'in gees en waarheid' kan en moet aanbid! Soos die ywer vir die huis van die Here Christus verteer het, netso moet dit ons vandag verteer sodat ons God in sy huis kan en moet aanbid soos dit Hom behaag (Joh.2:17).

In Joh.4:25 staan daar ook die belangrike woorde "Wanneer Hy kom, *sal Hy ons alles verkondig."* Dit bevestig opnuut die 'genoegsaamheid' van Christus, en deur Hom die Skrifte, vir ons hele lewensdiens, in verlossing, moraliteit en aanbidding. Niks meer nie, niks minder nie (Deut.4:2; Matt.4:4; sien ook NGB artikel 7). Alles wat ons dus nodig het, alles wat ons moet weet om 'in gees en waarheid' God te aanbid, word genoegsaam in Christus, deur die Skrifte aan ons geskenk. Ons het nie menslike idees, versinsels en tradisies nodig om ons eredienste te 'verryk' of opnuut te 'waardeer' nie. Dit wat God beveel deur die Skrifte is genoegsaam vir ons erediens aan God, ook vandag.[86]

In vers 25, 26 word die eenheid van God se verlossing en aanbidding /erediens van beide die OT en die NT gehandhaaf: *eerstens*, deur die woorde "Ek weet dat die Messías kom, Hy wat Christus genoem word," waarin Jesus as 'Gesalfde' in beide Hebreeus (OT: Messias) en

[86] "Lastly, she expresses her belief that we ought not to desire any thing better or more perfect than his doctrine, but that, on the contrary, this is the farthest object of wisdom, beyond which it is unlawful to proceed. I wish that those who now boast of being the pillars of the Christian Church, would at least imitate this poor woman, so as to be satisfied with the simple doctrine of Christ, rather than claim I know not what power of superintendence for putting forth their inventions. For whence was the religion of the Pope and Mahomet collected but from the wicked *additions*, by which they imagined that they brought the doctrine of the Gospel to a state of perfection? As if it would have been incomplete without such fooleries. But whoever shall be well taught in the school of Christ will ask no other instructors, and indeed will not receive them" – Calvyn, Joh.4:25

Grieks (NT: Christus) gegee word, en, *tweedens*, met Christus se woorde: "*Dit is Ek* wat met jou spreek!"[87] oftewel "Dit is 'Ek is wat Ek is' wat met jou spreek!"

In Joh.4:26 openbaar Jesus Christus Hom nie net as die Messias van die OT, die Gesalfde wat die Samaritane ook verwag het vanuit slegs hul Pentateug kanon nie, maar ook as God self wat tot haar spreek, en tot ons vandag:

> Maar nou, wat vind Ek hier? *spreek die HERE*; want my volk is vir niks weggeneem, sy oorheersers maak geraas, *spreek die HERE*, en my Naam word gedurigdeur die hele dag gelaster. Daarom sal my volk my Naam leer ken; daarom sal hulle weet op dié dag dat dit **Ek is wat spreek**[88]: Hier is Ek!" – Jes.52:5,6.

Christus is die 'Ek is' van die OT erediens, wat dit volmaak vervul en handhaaf as die 'Ek is' van NT erediens (Matt.14:27; Joh.8:58; die Brief aan die Hebreërs), sodat ons die Vader 'in gees en waarheid' kan aanbid en dien, vir altyd en ewig (Hebr.13:8; Op.1:8; 4:10,11; 5:9-14):

> Meermalen heeft Hij zowel zijn goddelijke afkomst als zijn messiaanse taak onthuld door onomwonden te zeggen: 'Ik ben het' (verg. 6:20; 8:24,28,58; 9:37; 13:19; 18:5,6,8). Wat Johannes hij al zijn lezers hoopt te bereiken, is op dat herhaalde zelfgetuigenis gebaseerd. Zo komt men tot de overtuiging dat Jezus de Messias is, de zoon van God (20:31). En inderdaad zou de Geest der waarheid aan Jezus' leerlingen alles verkondigen om Hem te verheerlijken (16:12-15). **<u>Zo</u> komt een wereldwijde gemeenschap van Vader-aanbidders tot stand, in Geest en waarheid**.[89]

---

[87] <u>Εγώ εἰμι, ὁ λαλῶν</u> σοι

[88] Die Septuagint (Die Griekse vertaling van die OT) lees as volg: ὅτι <u>ἐγώ εἰμι</u> αὐτὸς <u>ὁ λαλῶν</u> πάρειμι. "The day of which Isaiah speaks is also parallelled in Jesus' discussion about the day when true worshippers will worship in spirit and in truth. If the Isaiah passage is in mind, Jesus' claim is not only in the light of the messiah's coming (v. 25), but in the light of the LORD's coming in redemption to Zion (Isa. 52.8, 9). Through the ἐγώ εἰμι ('Ek is') 4.26, Jesus' identity as messiah is therefore qualified by the phrase in which it is uttered. It is the whole phrase, and not only the words ἐγώ εἰμι (*ani hu* in Hebreeus), which points the reader to the Isaianic passage, which in turn defines what is meant by messiahship. If it is correct to see in Jesus' words a reference to the similar words of Isaiah, then it would mean that this verse operates on two levels. The first level is there for all to see. Jesus claims to be the messiah of whom the Samaritan woman speaks. It is the phrasing of Jesus' words, which provides the key to interpreting them on a far deeper level. On this second level, Jesus' words make him out to be the fulfilment of the LORD's promise that the people would know his name, and also know that it is he who speaks. Jesus' identity as messiah is therefore an identity <u>which includes an identification with Yahweh</u>. Thus the verbal analogy of Jesus' words with the words of Yahweh in Isaiah calls for a radical reinterpretation of the first 'surface' level of meaning in Jesus' words", D.M. Ball, *'I am' in John's Gospel: Literary Function, Background and Theological Implications* (Sheffield: Sheffield Academic Press, 1996), p.60-66, 178-181. Onderstreping bygevoeg.

[89] P.H.R. van Houwelingen, *Johannes: Het evangelie van het Woord* (Kampen: J.H. Kok, 1997), p.118.

Dus, Christus as die 'Ek is' van beide die Ou en Nuwe Testament verklaar en openbaar die wil van die Vader (Joh.1:18) aangaande ware aanbidding in gees en waarheid, vir alle tye en alle plekke (Joh.4:22-26), tot lof en eer van die Drie-enige God.

4. Slot

Om saam te vat, stel ek die volgende Sewe stellings van Aanbidding aan u, wat ek glo uit die Skrif vloei, vir verdere bespreking en besinning:

1. Ons Godsbeskouing moet ons aanbidding bepaal (v.24a).
2. Aanbidding is noodsaaklik, en dus nie 'n middelmatige saak nie (v.24b).
3. Ware aanbidding moet in gees en waarheid geskied (v.23b en 24b).
4. Ons moet valse aanbidding uitken en verwerp (v.22).
5. God die Vader soek ware aanbidders, in gees en waarheid, ook vandag (v.23c).
6. Christus bevestig en handhaaf ware aanbidding, in gees en waarheid (v.21 en 23).
7. Ons word verlos om te aanbid (v.25 en 26).

En hierdie ware aanbidding, aanbidding in gees en waarheid wat God Drie-enig behaag, word myns insiens die beste en mees getrou aan die Skrif, geleer in wat bekendstaan in die gereformeerde en presbiteriaanse kerke as die 'regulerende beginsel van die erediens/aanbidding'.

Ons leef in tye waar die fondamente opnuut omgegooi word (Ps.11:3), wat beide ons verlossing deur God en aanbidding van God wesentlik aantas. Daarom moet ons opnuut, in afhanklikheid van God, deur Gees en Woord, die Skrifte, belydenisskrifte en ons kerkgeskiedenis ondersoek, sodat ons die HERE ook vandag sal dien en eer soos Hy behaag, want daarvoor is ons geskape (Gen.2:15) en daarvoor is ons bestem:

> **Heilig, heilig, heilig** is die Here God, die Almagtige, wat was en wat is en wat kom! Aan Hom wat op die troon sit, en aan **die Lam**, kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! ... [9] Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, [10] en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers. [11] Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tienduisende van tienduisende en duisende van duisende; [12] en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof. [13] En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor

sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!" (Op.4:8b; 5:9ev).

Daarom die ewige opdrag aan ons, deur die verlossing van Christus, vir vandag maar ook in die ewige toekoms:

> **Aanbid God** !90 ... Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester. ... Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is. Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus! Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! - Op.22:9, 16-21.

---

* Predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville, vir meer inligting, preke, artikels, ens., sien: https://proregno.com/about/

90 τῷ Θεῷ προσκύνησον.